

DIE SOGENAAMDE VEROWERDE GEBIED: OMSTREDE GRENSSTREEK TUSSEN DIE ORANJE-VRYSTAAT EN LESOTHO (BASOETOLAND)

C. C. Eloff

Afdeling Streekgeskiedenis, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

“JONATHAN vra 'n stuk van OVS”; “Lesotho demands eight South African towns”; “SA het ons grond gevat, sê Lesotho”; “Lesotho kan vergeet van die Vrystaat”; “Lesotho demands border talks”. Koerantopskrifte soos hierdie maak maar 'n handjievolt uit van dié soort wat deesdae 'n algemene verskynsel in die Suid-Afrikaanse pers is.

Diegene wat belangstel in sake van aktuele belang, en in besonder die inwoners van die oostelike dele van die Oranje-Vrystaat, moes veral die afgelope dekade kennis neem van die herhaalde eise wat daar vanuit Lesotho opklink met betrekking tot grondgebied in die Vrystaat wat kwansuis aan die Bosoeto behoort. Hierdie grondaansprake is daarop gemik om die sogenaamde Verowerde Gebied, 'n streek geleë aan die wesgrens van Lesotho, by dié land in te lyf.

Die benaming Verowerde Gebied impliseer dat hierdie landstreek vroeër die Bosoeto se eiendom was en hulle dus wederregtelik, op fisiese of militêre wyse, onneem is. Ten einde hierdie gebiedseise in perspektief te stel, is dit nodig om die soeklig op die historiese aspekte van die streek te laat val. Daar sal gevolglik gelet moet word op omstandighede en gebeurtenisse van nagenoeg anderhalf eeu gelede om vroeë soos die volgende te beantwoord: Wie was die vroegste inwoners van die betwiste gebied wat, uit hoofde van hul eerste besetting daarvan, as die wettige aanspraakmakers na vore tree? Waarom is daar sprake van verowering? Wat was die aard, omvang en gevolge van hierdie verowering?

Aangesien verskeie skrywers¹ reeds die geskiedenis van die grondvraagstuk tussen die Oranje-Vrystaat en Bosoetoland uitvoerig behandel het, sal daar slegs 'n breë oorsig van enkele hoogtepunte gegee word om as algemene agtergrond te dien.

BESETTING GEDURENDE DIE PIONIERSJARE

Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat die vroegste bewoners van die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier (ook bekend as die Transgariep) die Boesmans (*Abatwa*) was. Die wydverspreidheid van hul welbekende rotskuns lewer trouens onbetwisbare getuienis dat die ganse Transgariep hulle oeroue tuiste was, en dien terselfdertyd as hul grondbriewe in hierdie gebied.

Reeds teen die einde van die 17de eeu het groepe Boesmans hulle in die oostelike dele van die teenswoordige Oranje-Vrystaat bevind waar hulle 'n nomadiese leefwyse gevoer het. In die huidige distrik Zabron het verskeie stamme onder hul hoofkaptein Lekoumetsa gewoon. Jammerberg, digby die teenswoordige Wepener, was die woongebied van 'n groep onder leiding van 'Koroko, terwyl ander Boesmanstamme in die omgewing van Platberg (die huidige distrik Ladybrand) en Korannaberg (naby die dorpe Clocolan en Excelsior) gehou het. Talle kleiner groepies was in die bergagtige gebied van die latere distrikte Ficksburg en Fouriesburg woonagtig.²

Hierdie verspreide Boesmanstamme sou egter nie lank in die onverstoerde besit van dié uitgestrekte grondgebied bly nie; die indringing van ander Nie-Blanke groepe en die komst van die Blanke na die Transgariep sou weldra op hul leefwyse en woonplekke inbreuk maak.

Teen 1775 het die Korannas ('n Hottentotstam) die Gariep of Oranjerivier oorgesteek, plunder- en moordtogte op die Boesmans begin uitvoer en hulle metterwoon

in die omgewing van die Vet-, Modder- en Vaalrivier gaan vestig. Ander groepe het die Caledonriviervallei in die teenswoordige distrikte Ladybrand, Clocolan en Ficksburg hul jagveld gemaak.³

In hierdie tyd het die eerste belangrike groot groep Nie-Blanke, die Basters of Griekwas, die Transgariep binnekreding en hulle in die gebied noordoos van die samevloeiing van die Oranje- en Vaalrivier gevestig. Hulle het mettertyd ooswaarts begin uitbrei, die Boesmans uitgedelg en aanspraak op die hele gebied tussen die Oranje-, Caledon- en Modderrivier gemaak.⁴

Die suidwaartse immigrasiestroom van die vroegste Bantoestamme uit die gebied wat tans as Botswana bekend staan, het inmiddels 'n aanvang geneem. Teen die begin van die 19de eeu het daar in die noordwestelike deel van die latere Bosoetoland reeds 'n twintigtal Bantoestamme gewoon. Hierdie stamme het onder andere ingesluit die Zoeloesprekende Maphetla, die Mapolane en Baphuti wat uit Natal gevlug het, die Transvaalse Bakwena (waaronder die Bamoketelistam van die latere Mosjwesjwe) en die Barolong en Bataung wat vanuit die weste inbeweeg het. Die Bakwena was onderverdeel in vyf groepe — saam bekend as die Bosoeto — en het hoofsaaklik in die omgewing van Hlotse, digby die teenswoordige Ficksburg, gaan woon.⁵

Kyk byvoorbeeld J.J.G. GROBBELAAR, *Die Vrystaatse Republiek en die Bosoetovraagstuk*, *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 2(2), 1939 (Kaapstad, 1965); J. VAN DER POEL, *Basutoland as a factor in South African politics* (1858–1870), *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 4(1), 1941 (Kaapstad, 1941); P. SANDERS, *Moshoeshoe, chief of the Sotho* (Londen, 1975); S.P.R. OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens tussen die Vrystaat en Bosoetoland, 1840–1868* (M.A.-verhandeling, UOVS, 1969); L. THOMPSON, *Survival in two worlds: Moshoeshoe of Lesotho, 1786–1870* (Oxford, 1975); G. TYLDEN, *The rise of the Basuto* (Kaapstad, 1950); H.J. VAN ASWEGEN, *Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854–1902* (D.Phil-proefschrift, UOVS, 1969) en G. LAGDEN, *The Basutos; the mountaineers and their country*, 2 volumes (Londen, 1909).

2. G.W. STOW, *The Native races of South Africa* (Londen, 1910), pp. 4–5 en 187–193; D.F. ELLENBERGER en J.C. MACGREGOR, *History of the Basuto, ancient and modern* (Londen, 1912), veral hoofstuk I.
3. J.A. ENGELBRECHT, *The Korana* (Kaapstad, 1936), pp. 29 en 66–79; STOW, *op. cit.*, pp. 282–284; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, p. 51.
4. J.J. OBERHOLSTER, *Die annexasie van Griekwaland-Wes*, *Argiefaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 8, 1945 (Kaapstad, 1945), pp. 12–23; STOW, *op. cit.*, pp. 339–344.
5. ELLENBERGER en MACGREGOR, *op. cit.*, veral hoofstukke II–XI; LAGDEN, *The Basutos I*, pp. 18–22; G.M. THEAL, *Basutoland records II* (faksimilee reproduksie, Kaapstad, 1964), pp.v–vi.

Die ongebonde bestaan wat hierdie stamme aanvanklik gevoer het, is erg versteur deur die opkoms van die Zoeloe- en Matebeleryk. Onderlinge botsings en strooptogte op ander stamme was spoedig aan die orde van die dag, en veral ná 1813 het 'n tydperk van vernietigings- of uitdelgingsoorloë (die *difaqane*) in Natal aangebreek wat ingrypende veranderinge in die Transgariep teweeggebring het.

Uit die chaos en bloedvergieting wat deur die Zoeloeopperhoof Shaka ontken is, het Mosjwesjwe, wat intussen leier van die Bamoketelistam geword het en in 1820 na Butha-Buthe getrek het, munt geslaan. Met 'n groep volgelinge het hy in 1824 suidwaarts verskuif en die onneembare bergvesting Thaba Bosigo sy tuiste gemaak. Hierheen het talle ontstamde vlugtelinge gestroom en hiervandaan het Mosjwesjwe se krygers aanvalle op omliggende stamme uitgevoer wat deur die *difaqane* verbrokkeld gelaat is.⁶



Mosjwesjwe (ca. 1786—1870), stigter en eerste opperhoof van die Basoeto.
SKETS: E. CILLIERS, NA 'N FOTO VAN A. ELLIOTT

Blanke jagters uit die Kaapkolonie het reeds gedurende die eerste dekade van die vorige eeu oor die Oranjerivier getrek en die gebied tot so ver as die huidige distrik Wepener binnegedring. Van 1819 tot 1831 het jaggeselskappe soos dié van G.P.N. Coetsee, O.J. van Schalkwyk, J.H. Snyman en L.J. Fourie die hele suidoostelike Transgariep verken en selfs die omstreke van Thaba Bosigo besoek. In die huidige distrikte Rouxville, Smithfield, Wepener en Zastraan het hulle slegs groepies Boesmans aangetref, dog geen teken van ander Bantoe-stamme (dus ook Basoeto) gevind nie.⁷

Op die spore van die vroeë jagters het Blanke trek- of veeboere reeds sedert 1821 uit die noordelike grensdistrikte van die Kaapkolonie seisoenmigrasies oor die

Gariep onderneem. Faktore soos droogtes, groot verliese wat weens die heen en weer trekkery gely is en die onbewoonde grondgebied in die Transgariep het daar toe bygedra dat talle boere ná 1824 besluit het om hulle permanent in dié vrugbare landstreek te gaan vestig.⁸ Die ganse gebied ten suide van die Modderrivier en tussen die Oranje- en Caledonrivier, wes van Langeberg, is trouens tussen 1825 en 1840 deur Blanke trekboere beset: Rudolph van Wyk het hom byvoorbeeld in 1829 op die plaas Rietpoort — waar Smithfield later aangele is — gaan vestig. 'n Jaar later is die plaas Zuurbult, waarop die dorp Rouxville sou verrys, ook beset, en van 1830 af het J.J. Botes die plaas Zevenfontein en O.J. van Schalkwyk die plaas Rietkuil bewoon.⁹

Toe die bekende reisiger dr. Andrew Smith in 1835 'n reis van Bethulie verby die huidige Smithfield oor die Caledonrivier na Thaba Bosigo onderneem, het hy 'n groot aantal boere op plase tot so ver noord as die teenswoordige Wepener ontmoet. Volgens verskeie getuienissoe van die vroegste Blanke intrekkers het hulle tot in hierdie stadium geen Basoeto's in die driehoekstreek tussen die Oranje- en Caledonrivier aangetref nie. Dit word onderskryf deur 'n verklaring van maj. H.D. Warden waarin hy beweer dat hy tydens 'n besoek aan hierdie landstreek in 1826 geen Bantoestamme teëgekom het nie en slegs klein groepies Boesmans opgemerk het.¹⁰

Aan die begin van die dertigerjare van die 19de eeu, toe die vee- en trekboere feitlik reeds die hele suidoostelike gedeelte van die Transgariep bewoon het, het Mosjwesjwe en sy volgelinge nog krampagtig aan hul bergskuil Thaba Bosigo vasgekleef uit vrees vir aanvalle van rownerbendes soos dié van die Matebele onder Mzilikazi, die Korannas en ander stamme wat self onder die *difaqane* gebuk gegaan het.¹¹

Mosjwesjwe se woongebied was teen 1834 inderdaad hoofsaaklik tot die bergagtige dele rondom Thaba Bosigo, wes en oos van die Caledonrivier, beperk. Dit bly duidelik uit 'n kaart wat in daardie jaar deur die Franse sendeling E. Casalis opgestel is. Daarvolgens het die Basoetogebied van die Caledonrivier weswaarts tot aan die eerste bergreeks, ooswaarts tot aan die Maluti's en suidwaarts tot by Morija gestrek. 'n Kaart wat sowat twee jaar later deur die sendelinge T. Arbousset en A. Daumas opgestel is, het dieselfde grondgebied aangedui.¹² Noordoos van Thaba Bosigo het Mosjwesjwe se ryk in daardie stadium nie verder as die Berea-plato gestrek nie aangesien die Bo-Caledonriviervallei en noordelike dele van

6. Vir 'n duidelike uiteenstelling van hierdie fase in die geskiedenis van die Basoetonasie, kyk onder meer SANDERS, *op. cit.*, pp. 27—42 en THOMPSON, *op. cit.*, pp. 29—68.
7. *Suid-Afrikaanse argiefstukke, Vrystaat no. 3: Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat 1858* (Kaapstad, 1960), pp. 334—352; THEAL, *op. cit.*, pp. 424—429.
8. J.H. MALAN, *Die opkoms van 'n republiek; of, die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863* (Bloemfontein, 1929), p. 524 e.v.; J.J. OBERHOLSTER, *Streekopname van die Suidoos-Vrystaat. Eerste voorlopige verslag: historiese oorsig* (UOVS, Bloemfontein, s.j.), pp. 9—11; P.J. VAN DER MERWE, *Die noordwaartse beweging van die boere voor die Groot Trek (1770—1842)* (Den Haag, 1937), p. 205 e.v. en p. 362.
9. Kyk A. PRINSLOO, *Die geskiedenis van Smithfield en die Caledonrivierdistrik 1819—1952* (Bloemfontein, 1955), pp. 21—24; OBERHOLSTER, *Streekopname ...*, pp. 12—13; THEAL, *op. cit.*, pp. xvi—xvii.
10. OBERHOLSTER, *Streekopname ...*, pp. 12—13; THEAL, *Basotoland records I*, p. 232.
11. SANDERS, *op. cit.*, pp. 43—59; ELLENBERGER en MACGREGOR, *op. cit.*, pp. 203—216; E. CASALIS, *The Basutos; or, twenty-three years in South Africa* (Londen, 1861), p. 230.
12. Kyk OOSTHUIZEN, *op. cit.*, pp. 13—14; GROBBELAAR, *op. cit.*, p. xiii.



die Maluti's deur die Tloko van Mokotleng bewoon was.¹³

Met die eerste aanraking tussen Blank en Basoeto was daar nie sprake van 'n bepaalde afbakening van elke groep se woongebied nie. Die landstreek noord van die Oranjerivier was ruim en het woonplek aan almal gebied. Na die permanente vestiging van Blankes in die Transgariep en die aanvang van die Groot Trekbeweging uit die Kaapkolonie het sake egter 'n ander wending geneem, want hoewel Mosjwesjwe aanvanklik ingenome was met die teenwoordigheid van die Blankes wat as buffer tussen hom en die Korannas gedien het, het hy nie sy oë gesluit vir die groeiende getal intrekkers uit die suide nie.¹⁴

Tog is dit ironies dat dit juis die Voortrekkers was wat dit vir die Bosoetovolk moontlik gemaak het om uit sy isolasie by Thaba Bosigo te breek en oor die aangrensende gebiede — waarop wel aanspraak gemaak is, dog geen besetting kon plaasvind nie — te versprei. Nie alleen het hierdie Blanke immigrante die mag van Mzilikazi gebreek nie, maar ook 'n einde gemaak aan die heerskappy van een van die Bosoeto se mees gevreesde vyande, die Zoeloes.¹⁵

BOTSENDE GRONDAANSPRAKE EN BRITSE ARBITRASIE

Namate Blankes die Transgariep dieper binnegetrek het en die Bosoeto self besig was om wes- en suidweswaarts uit te brei, moes dit noodwendig gebeur dat daar botsende eise oor grondgebied tussen die twee groepe ontstaan. Vir Mosjwesjwe, met sy onversadigbare drang om sy veestapels te vergroot en sy woongebied uit te brei,¹⁶ het daar nou 'n era aangebreek waarin hy met die hulp vanveral die Franse sendelinge soveel lewensruimte as moontlik vir sy toenemende getal onderdane wou verseker. In hierdie proses sou hy ook kon reken op die simpatieke

Khubetupas aan die noordwestelike hang van Thaba Bosigo. Hier het kmdt. Louw Wepener op 15.8.1865 gesneuwel.

FOTO: C.C.J. BUYS, WEPENER

steun van die Britse regering wat die Blankes in die Transgariep nog steeds as Britse onderdane beskou het.¹⁷

In weerwil van die feit dat die Blankes die eerste was om hulle in die gebied tussen die Caledon- en Oranjerivier te vestig en derhalwe aan die volkeregeltlike vereiste van *okkupasie* voldoen het,¹⁸ was die Bosoeto in hierdie grondgeskil in 'n beter bedingsposisie as die Blankes. Besetting uit die noorde en ooste deur Mosjwesjwe se onderdane was veel meer doelgerig en beter georganiseerd as die Blankes se sporadiese okkupasie uit die suide en weste.¹⁹

Die Bosoeto was reeds ver gevorder in die proses van nasiewording terwyl die gesag van besetting van grondgebied in Mosjwesjwe — die algemeen erkende groot opperhoof van dié volk — gesentraliseer was. Hier teenoor het die vroegste Blankes die Transgariep buite enige staatsverband bewoon. Bowendien was daar geen algemeen erkende leier of sentrale gesag wat in die toe-

13. THOMPSON, *op. cit.*, p.66.
14. GROBBELAAR, *op. cit.*, p.xvi; OOSTHUIZEN, *op. cit.*, p.13.
15. J.S. CALBRAITH, *Reluctant empire; British policy on the South African frontier 1834—1854* (Los Angeles, 1963), p.53; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.xi.
16. Kyk *The Friend*, 3.1.1868: verklaring deur ds. H. van Broekhuizen, Winburg.
17. C.W. DE KIEWIET, *British colonial policy and the South African republics, 1848—1872* (Londen, 1929), pp.12—16.
18. Vergelyk veral die standpunte van M.C. EKSTEEN, *Lesotho in uitwaartse beweging* (Johannesburg, 1972), pp.10—14; J.L. BRIERLY, *The law of nations* (Londen, 1963), pp.163—164 en E.H. BROOKES, *The history of Native policy in South Africa from 1830 to the present day* (Kaapstad, 1924), p.502.
19. Behalwe waar anders vermeld, is die meeste inligting in hierdie verband ontleen aan S.P.R. Oosthuizen se gevolgtrekkings in 'n artikel: Die grensgeskil tussen die Vrystaat en Bosoetoland, 1834—1869, *Argiefnuus* 20(7), Januarie 1978, pp.16—18.

komstige grondgeskil ten behoeve van die Blankes kon optree nie. Botsende nasionale en politieke opvattinge in hul eie geledere het hierdie eerste intrekkers trouens verder verdeel.

Gevollik het individue hulle tot die enigste bestaande gesag tussen die Oranje- en Vaalrivier gewend en van Mosjwesjwe woonregte in die betwiste landstreek verkry.²⁰ Hulle was onbewus van die verreikende gevolge wat hierdie "kooptransaksies" met Mosjwesjwe sou hê: in werklikheid het hulle daardeur die Basoeto se juridiese aanspraak op die hele omstrede grondgebied erken. Die feit dat hulle ook geen dokumente as bewys van hul besitreg op hierdie grond van Mosjwesjwe ontvang het nie, het aan die Basoeto-opperhoof 'n ferme houvas op die grond-situasie gegee. 'n Verdere faktor wat die Basoeto in hierdie stadium begunstig het, was hulle groot getalle-oorwig. Dit het hulle geredeliker as die Blankes in staat gestel om hul aanspraakgebiede mettertyd te okkuper.

Die grondvraagstuk is in 1839 op die spits gedryf toe Mosjwesjwe by A. Stockenström, luitenant-goewerneur van die Oostelike Provinsie, beswaar aangeteken het teen die Blanke boere wat sonder sy toestemming op "Basoeto-gebied" woon. Sonder om hom van die ware toedrag van sake of regmatige Blanke aansprake in die Transgariep te vergewis, het Stockenström die Basoeto-opperhoof meegedeel dat hierdie Blankes wat sy grondgebied weder-regtelik beset het, inderdaad as Mosjwesjwe se onderdane beskou moet word. Hiermee het hy dus verklaar dat die oostelike Transgariep aan die Basoeto behoort.²¹

Onder aansporing van filantropie soos eerw. S. Roland en dr. John Philip het die Britse regering hierna pogings aangewend om die komplekse grondvraagstuk in die Transgariep op te los. Deur verdrae met inboorlinghoofde soos Mosjwesjwe en die Griekwakaptein Adam Kok te sluit, het die Britse owerheid gehoop om sy weder-strewige Blanke "onderdane" in die Transgariep te beheer en paal en perk aan hul uitbreiding te stel. In September 1842 het die Kaapse goewerneur, sir George Napier, 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die Blankes in die Transgariep daarvan beskuldig dat hulle op Basoeto-grondgebied oortree. Hy het hulle voorts gewaarsku om hulle stil en rustig te gedra en hulle daarvan te weerhou om enige gebied te beset of op te eis wat die regmatige eiendom van die Basoeto of ander Bantoestamme is.²²

'n Jaar later (1843) het Napier 'n verdrag met Mosjwesjwe gesluit waarin die grense van Basoetoland afgebaken en die posisie van die Blanke immigrante duidelik omlyn is. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die Basoeto besitreg op bykans die hele gebied wat aan die wes-telike oewer van die Caledonrivier grens, gekry het. Die Napier-lyn het as Basoetoland se eiendom ingesluit die latere Smithfield, Rouxville, Zaaron, Dewetsdorp, Wepener, Hobhouse, Ladybrand, Cloolan en Ficksburg tot naby die Hlotserivier. Sodoende is die Blankes se aanspraak op die streek wat hulle reeds voor die Basoeto bewoon het, misken terwyl hul onderdaanskap aan Mosjwesjwe herbevestig is.²³

Hierdie verdrag was slegs die begin van 'n reeks ooreenkoms wat deur die Britse regering met die Basoeto gesluit is om 'n houbare en finale grens vir Mosjwesjwe se grondgebied daar te stel. In hierdie proses van Britse arbitrasie is die grens voortdurend verskuif totdat die fase van onderhandeling eindelik in 1858 oorgegaan het in 'n militêre konfrontasie — of wat bestempel kan word as die "slag om die grens" — tussen Blank en Basoeto.²⁴

Sir Peregrine Maitland wat Napier as goewerneur

opgevolg het, het Britse inmenging in die Transgariep nog 'n stap verder gevoer. Deur die verdrag wat hy in 1845 met Mosjwesjwe gesluit het, is die Blankes se regte as grondeienaars van die driehoekgebied tussen die Caledon- en Oranjerivier vir die eerste keer erken.²⁵ Toe sir Harry Smith die Oranjerivier-Soewereiniteit (ORS) op 3 Februarie 1848 proklameer, het dit beteken dat die landstreek tussen die Oranje- en Vaalrivier en die Drakensberge voortaan onder Britse gesag sou staan. Die grondgebied van Nie-Blanke opperhoofde soos Mosjwesjwe, Moroka en Sekonyela sou by die ORS ingesluit wees. Luidens die proklamasie was die bedoeling met hierdie anneksasie nie om die opperhoofde hul gesag of grondgebied te ontnem nie. Inteendeel, hierdie stap was gedoen "with the sole view ... of upholding them in their hereditary rights, and protecting them from any future aggression or location of Her Majesty's subjects ..." (naamlik die Blanke immigrante in die ORS).²⁶ Dié proklamasie het terselfdertyd beteken dat die Blankes se aansprake op grondgebied steeds ontken is aangesien hulle slegs met Mosjwesjwe se toestemming toegelaat sou word om tydelik te woon waar die Basoeto "erlike regte" gehad het.

Mosjwesjwe het kort hierna reeds begin kla dat die Blanke immigrante hulle aan oortredings op sy grondgebied tussen die Caledon- en Oranjerivier skuldig maak. Hierop het Smith sy sekretaris en vertroueling Richard Southey opdrag gegee om 'n grenslyn in die suidelike Caledonriviergebied vas te stel. Volgens die grensbepalings wat Southey in 1848 aan Mosjwesjwe voorgelê het, sou die dorp Smithfield en die latere Rouxville, Zaaron en Wepener vir die eerste keer nie meer deel van Basoeto-grondgebied uitmaak nie.²⁷

Nieteenstaande die feit dat die Southey-lyn betekenisvol was aangesien dit die enigste natuurlike skeiding in daardie betwiste landstreek was wat 'n blywende oplos-sing kon bring, het Mosjwesjwe geweier om dit te aanvaar. Basoeto's het gaandeweg weer begin om die Blanke gebied te beset en deur diefstalle en plundery die grensbewoners se lewens ondraaglik te maak.²⁸

Onder dwang van hierdie omstandighede het sir Harry Smith dit aan maj. H.D. Warden opgedra om, in oorleg met Mosjwesjwe, 'n nuwe grensreëling te tref wat albei belanghebbende partye tevrede sou stel. Na talle onderhandelinge en sterk druk deur Warden op hom uitgeoefen, het Mosjwesjwe die nuwe grenslyn in Desember 1849 aanvaar. Hierdie grensreëlings is veral belangrik in soverre dit die posisie van die huidige distrikte in die betwiste grondgebied aanbetrif; die volgende grensdistrikte of gedeeltes daarvan is deur die Warden-verdrag

20. Kyk onder meer THEAL, *Basutoland records I*, p.81; E.A. WALKER, *The Great Trek* (Londen, 1960), pp.344—345.
21. THEAL, *Basutoland records I*, pp.36—37 en 40; J.F. MIDGLEY, *The Orange River Sovereignty, 1848—1854, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 12(2), 1949 (Kaapstad, 1949), pp.13—14; MALAN, *op. cit.*, p.38.
22. THEAL, *Basutoland records I*, pp.48 en 50; OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens ...*, pp.37—39 en 42—45.
23. Vir die volledige bepalings van die Napier-verdrag kyk THEAL, *Basutoland records I*, p.55 e.v.; MALAN, *op. cit.*, p.40. Kyk ook TYLDEN, *op. cit.*, p.24; A. BÖSEKEN, *Geschiedenis-atlas vir Suid-Afrika* (Kaapstad, 1948), kaart no. 68.
24. Kyk OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens ...*, p.265.
25. *Ibid.*, pp.60—64; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.4—5.
26. G.W. EYBERS, *Select constitutional documents illustrating South African history, 1795—1910* (Londen, 1918), p.271; THEAL, *Basutoland records I*, p.160.
27. THEAL, *Basutoland records I*, p.210; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.7—8.
28. OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens ...*, p.108; OBERHOLSTER, *Streekopname...*, p.44.

tot Bosoetgebied verklaar: Zastron, Wepener, Ladybrand, Thaba Nchu, Cloolan, Excelsior, Winburg, Marquard, Ficksburg en Fouriesburg.³⁰

Hierdie grenslyn het egter geen vrede in die grensstreek gebring nie. Mosjwesjwe was diep ontevrede met die bepalings en is deur die sendelinge ondersteun. Wanorde, diefstal, geweldpleging en grensoorskrydings was spoedig weer aan die orde van die dag: Basoeto's het hul roofstogte op en vernieling van grensboere se eiendomme trouens met soveel drif voortgesit dat Warden en Smith albei besef het dat slegs kragdadige optrede van Britse kant 'n einde daaraan sou kon maak.³¹

Tydens die daaropvolgende gevegte by Viervoet en Berea (1851–1852) het die Britse magte gevoelige neerlae teen die Bosoeto gely. Hierdeur is Britse prestige 'n knou toegedien en daar is gevolglik besluit om die ORS prys te gee. Ondanks die feit dat baie Blanke inwoners van die Soewereiniteit teen die onttrekking van Britse gesag gekant was (veral uit vrees vir die Bosoetogevaar), is die Bloemfontein-konvensie op 23 Februarie 1854 onderteken: die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier sou voortaan as die Oranje-Vrystaat bekend staan, 'n vrye republiek, maar in geen oopsig bevry van die grond- en grensvraagstuk met die Bosoeto nie.³²

In die verhouding tussen Blank en Bosoeto het daar nou 'n nuwe fase aangebreek. Die jong Boererepubliek het nie alleen van Brittanie 'n verwonde grensvraagstuk geërf nie maar sou binne die bestek van minder as twee dekades 'n reeks van drie oorloë teen die Bosoeto moes voer om die bestaansreg van sy inwoners te verseker en sy gebiedsintegriteit te handhaaf.

REPUBLIKEINSE ONDERHANDELINGE EN OORLOG

Die Bloemfontein-konvensie het een van die netligste sake in die Oranje-Vrystaat onaangeraak gelaat want nêrens in die dokument is daar na enige grense verwys nie. Vraagstukke soos besitreg, grense van grondgebied en die noukeurige afbakening daarvan is opvallend deur die ondertekenaars van die konvensie oor die hoof gesien. Dit sou noodwendig tot hernude verwarring, vae grondeise en botsende aansprake deur die twee belanghebbende partye lei. Volgens die Blanke beskouing het die Bloemfontein-konvensie niks verander aan die *status quo* soos dit deur die Warden-lyn neergelê is nie. Op sy beurt het Mosjwesjwe die mening gehuldig dat Britse onttrekking aan die Soewereiniteit alle vroeëre grensreëlings beëindig het. Uit hoofde van hierdie opvatting was die Bosoeto dus weer in volle besit van al die grondgebied kragtens erfreg of volgens hul onbepaalde en ongekwalificeerde aansprake.³³

Vir Josias Philippus Hoffman, die eerste Vrystaatse president, was dit belangrik dat 'n vaste beleid ten oopsigte van die Bosoetokwessie bepaal word om 'n einde aan die onsekere grenssituasie te maak. Die vrees vir 'n botsing met die Bosoeto wat vooruitgang sou belemmer en selfs die Vrystaat se ondergang kon beteken, sou egter meebring dat 'n beleid van versoening aanvanklik teenoor die Swartbuurstaat gevolg is. Deur ooreenkoms met Mosjwesjwe aan te gaan of verdrae met hom te sluit, het Hoffman gehoop om die verhouding langs 'n vredsame weg te laat ontwikkel.³⁴

Veediefstalle en oortredings deur Bosoeto's op Vrystaatse grondgebied het die president genoop om verskeie persoonlike ontmoetings met die opperhoof te reël. Geen

vordering is egter gemaak om die grensvraagstuk op te los nie. Hoffman se poging om die vrede te bewaar deur selfs 'n vaatjie kruit aan Mosjwesjwe te skenk, het soveel reaksie in Vrystaatse kringe uitgelok dat hy in 1855 verplig was om as staatshoof te bedank.³⁵

Sy opvolger, Jacobus Nicolaas Boshof, het 'n ander benadering tot die Bosoetovraagstuk gehad: hy het naamlik 'n streng, regverdige dog versigtige beleid gevolg en was nie bereid om aan Bosoetodruk toe te gee nie. Hy het nietemin besef dat die Vrystaat nie sterk genoeg was om die vraagstuk alleen te hanteer nie en derhalwe van die tussenkoms en arbitrasie van die Kaapse regering gebruik moes maak. In Oktober 1855 het Boshof, vergesel van die Kaapse goewerneur, sir George Grey, Mosjwesjwe te Smithfield ontmoet. Die ooreenkoms wat hier gesluit is oor sake soos erkenning en beskerming van wedersydse regte op grond, grense en ander eiendom, het die potentiaal van 'n blywende vrede ingehou. Teen die einde van die jaar was toestande op die grens dan ook betreklik rustig.³⁶

Dat hierdie grenssituasie egter van korte duur sou wees, het spoedig geblyk toe Bosoeto's die grenslyn (van 1849) in groot getalle oorgesteek, Blankes se plase beset en hul vee geroof het. Veral in die omgewing van Vechtkop en Koesberg het toestande sodanig versleg dat boere in laers saamgetrek het waardeur byna 300 plase tussen die Caledon- en Oranjerivier ontruim is.³⁷ President Boshof het egter in hierdie stadium steeds verkieksel om nie die weg van geweld te volg nie maar eerder deur middel van onderhandeling te poog om 'n oplossing vir die vraagstuk te bewerkstellig.

Die Vrystaat was kennelik nog nie teen die Bosoeto opgewasse nie en die enigste uitweg sou wees om 'n versoeningsbeleid te volg. Tog het die besef ook al meer posgevat dat orde en vrede slegs verkyk kon word indien die republiek bereid was om die grens met geweld te beskerm en oortreders op so 'n wyse te straf dat dit voorname Bosoetodiewe sou afskrik. Aan Grey het pres. Boshof te kenne gegee dat 'n oorlog teen Mosjwesjwe die gevolg van die grensvraagstuk en die uitdagende houding van die Bosoeto sou wees. Mosjwesjwe het weer verklaar dat 'n wapenstryd deur die Blankes ontketen sou word omdat hulle die Bosoeto van hul wettige grondgebied verdryf.³⁸

29. THEAL, *Basutoland records I*, p.297; BÖESEKEN, *op. cit.*, kaart no. 68.
30. OOSTHUIZEN, *Die verskuwende grens...*, pp.122–123; B.J. BARNARD, 'Lewensbeskrywing van majoor Henry Douglas Warden, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 11(1), 1948 (Kaapstad, 1948), p.433.
31. Kyk onder meer MIDGLEY, *op. cit.*, veral hoofstukke IX–XVIII en M.C.E. VAN SCHOOR, Politieke groeperinge in Transgariep, *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 13(2), 1950 (Kaapstad, 1950), pp.136–181.
32. THEAL, *Basutoland records III*, p.x; OOSTHUIZEN, *Die verskuwende grens...*, pp.146–151; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.27; TYLDEN, *op. cit.*, p.67.
33. Kyk GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.23–24.
34. MALAN, *op. cit.*, pp.239–246; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.268–274.
35. Vrystaatse Argiebewaarplek, Bloemfontein (VAB), G.S. 1887 Goewernentssekretaris, trakte, konvensies en kommissies, (1854–1882): Notule van konferensie te Smithfield, 6.10.1855, pp.79–82; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.32–34; THEAL, *Basutoland records II*, pp.159–160.
36. W.W. COLLINS, "Free Statia"; or, *reminiscences of a lifetime in the Orange Free State* (Bloemfontein, 1907), p.13; OBERHOLSTER, *Streekopname...*, p.47.
37. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen der verrichtingen*, 6.10.1856, p.66; THEAL, *Basutoland records II*, pp.181 en 267; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.279–280.



Hierdie onversoenbare standpunte, gepaard met die voortgesette grensoortredings deur Mosjwesjwe se onderdane en die mislukking van die onderhandelings-politiek, het teen 1858 daarop gedui dat oorlog onvermydelik was. Op 11 Maart het Boshof 'n ultimatum aan die Basoeto-opperhoof gestuur waarin onder meer die onmiddellike ontrekking van Basoeto's uit Vrystaatse grondgebied en die uitlewering van gesteelde vee geëis is. Toe Mosjwesjwe nie hierop reageer nie het Boshof oorlog teen die Basoetovolk verklaar.³⁸

Weens gebrek aan die nodige middelle en mannekrag en die ongedissiplineerde optrede van burgers wat van die kommando's gedros het, het die oorlog vir die Vrystaat nie gunstig verloop nie.³⁹ In die distrikte Winburg (waarvan die huidige Ficksburg en Fouriesburg deel uitgemaak het), Bloemfontein (insluitende die huidige distrikte Ladybrand en Clocolan) en Caledonrivier (wat die teenswoordige distrikte Smithfield, Rouxville, Wepener en Zastron omvat het) is 124 plaashuise deur Basoeto's verniel terwyl altesaam 644 perde, 2 619 beeste en 4 739 skape uitgemaak is.⁴⁰

Pres. Boshof is deur hierdie terugslae genoodsaak om Mosjwesjwe in verband met vredesonderhandelinge te nader.⁴¹ Na die ondertekening van 'n wapenstilstand met die Basoeto op 1 Junie 1858⁴² het die Vrystaatse regering besluit om Grey se aanbod om as bemiddelaar op te tree, te aanvaar. Die eerste verdrag van Aliwal-Noord is op 29 September deur die twee partye onderteken. Hiervolgens moes die Vrystaat 50 plase in die betwiste gebied tussen die Oranje- en Caledonrivier (in die huidige distrikte Zastron en Wepener) aan die Basoeto afstaan. Die Warden-lyn noord van die Caledonrivier is egter gehandhaaf en albei groepe moes onderneem om hul onderdane uit die ander se gebied terug te roep.⁴³

Die grenslyn van 1858 het meegebring dat die grootste gedeelte van die teenswoordige distrikte Zastron, Wepener, Ladybrand, Excelsior, Clocolan, Marquard, Ficksburg en Fouriesburg voortaan as Basoetogrondgebied gereken is. Die lyn is voorts belangrik in dié sin dat dit grootliks die wesgrens van die latere sogenaamde Verowerde Gebied uitmaak.⁴⁴

Hoewel Mosjwesjwe die nuwe grensreëling goedge-

keur het — deels ook om Grey se goedgesindheid te verseker — is dit onwaarskynlik dat hy voornemens was om hom aan die bepalings daarvan te hou. Die Vrystaat kon nie daarin slaag om die Basoeto te verslaan nie en terwyl Blanke prestige geknou is, het die oorwinning Mosjwesjwe en sy volk se magsposisie verstewig.⁴⁵ Die Basoetohoof was trouens bewus van die feit dat die noordelike (Warden-) grenslyn nie weer afgebaken of duidelik omlyn is nie; daarom was dit sy oogmerk om sy grondgebied oor dié lyn in die distrikte Winburg en Harrismith uit te brei. Die brandpunt van die stryd het dus na hierdie gebied verskuif en diefstal en grenskendings deur onderdane van Paulus Mopeli, Moletsane en Lesoana het spoedig 'n alledaagse verskynsel geword.⁴⁶

Pogings deur die Vrystaatse regering om die orde te

38. THEAL, *Basutoland records II*, pp.326–328; *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 23.3.1858.
39. Vir 'n verslag van die krygsverrigtinge kyk onder meer OOST-HUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, pp.196–201; SANDERS, *op. cit.*, pp.228–233 en GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.49–68.
40. GROBBELAAR, *op. cit.*, p.67; J.A. BOSCH, *Ladybrand 1867–1967* (Ladybrand, 1967), p.28.
41. VAB, G.S. 1553 Goewermentsekretaris, uitgaande brieue aan amptenare: Boshof — Mosjwesjwe, 12.5.1858, pp.101–102.
42. *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 8.6.1858.
43. Artikel I van die verdrag van Aliwal-Noord (1858) lui: "The boundary-line between the districts of Harrismith, Winburg, Bloemfontein and Caledon River down to Jammerberg Drift and Basutoland, is recognized to be that as defined by ... Major Warden. From Jammerberg Drift the line shall run down the centre of the Caledon River to the junction of that river with the Wilgebosch or Wilgeboom Spruit; from thence straight to the centre of the summit of Elandsberg; thence to the centre of the summit of Koesberg; thence along the summit of that mountain to its western extremity; thence straight to the summit of Aasvogelberg; thence to Hartebeesthoek, leaving that farm in the Free State territory; thence straight to the centre of ... Hanglip; thence straight towards the Wesleyan Missionary Station on the Wittebergen Native Reserve, to where such straight line cuts the Orange River." Kyk THEAL, *Basutoland records II*, p.476; *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 12.10.1858; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.79–80; OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 23.11.1858, p.131.
44. BÖESEKEN, *op. cit.*, kaart no. 68. Hierdie aangeleentheid word verderaan volledig behandel.
45. VAN DER POEL, *op. cit.*, p.183; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, p.288.
46. SANDERS, *op. cit.*, p.261; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.81.

herstel, het geen uitwerking op die oormoedige Mosjwesjwe gehad nie. Besprekings in die Volksraad het trouens hewige meningsverskille omtrent 'n oplossing van die vraagstuk blootgelê, en onder hierdie omstandighede het pres. Boshof dit gerade geag om sy bedanking as staatshoof in te dien.⁴⁷

Marthinus Wessel Pretorius wat in 1860 die nuwe president geword het, was 'n voorstander van 'n beleid van onderhandeling en vriendskaplike betrekkinge met die Basoeto ten einde die grensvraagstuk op te los. Nie-teenstaande verskeie samesprekings en ooreenkoms gedurende sy dienstydperk met onder andere Mosjwesjwe, het Basoetodiefstalle en -grensoortredings in die omgewing van Vegkop (latere distrik Zabron), Jammerberg (die huidige Wepener) en in die latere distrikte Ladybrand en Ficksburg, hand oor hand toegeneem. Teen die begin van 1862 het 'n kritieke toestand in hierdie streke ontstaan en toe Pretorius vroeg die volgende jaar as president bedank, was vooruitsigte vir die Oranje-Vrystaat alles behalwe rooskleurig. Die verhouding tussen Blank en Basoeto het 'n laagwatermerk bereik en geweld en onderwerping van Mosjwesjwe en sy onderdane het die enigste oplossing vir die grensvraagstuk geskyn te wees.⁴⁸

In die persoon van Johannes Henricus Brand wat in Februarie 1864 die amp as vierde staatspresident aanvaar het, het daar vir die Vrystaat in hierdie stadium iemand na vore getree wat die leisels stewig sou vasvat. Dit was vir hom 'n uitgemaakte saak dat die behoud en vooruitgang van gesonde politieke, ekonomiese en kulturele ontwikkeling in die Boererepubliek in die spoedige oplossing van die netelige Basoetovraagstuk gelê het. Sy eerste termyn as staatshoof sou hy dan ook uitsluitlik aan hierdie saak wy; hy sou nie duld dat die regte van die Vrystaat langer vertrap word nie, en was selfs bereid om die wapen hiervoor op te neem.⁴⁹

Een van sy eerste take was om 'n bevredigende grens-skeiding tussen Blank en Basoeto daar te stel. Met die hulp van sir Philip Wodehouse, die Kaapse goewerneur, wou hy 'n formele ooreenkoms met bindende krag met Mosjwesjwe aangaan waardeur rus en orde in die grensdistrikte herstel kon word.⁵⁰ Op 28 Oktober 1864 het Wodehouse sy grensafbakening bekendgemaak; in wese het dit daarop neergekom dat die Warden-lyn van 1849 gehandhaaf is.⁵¹

Hoewel hierdie grensreëling meegebring het dat teenswoordige distrikte soos Wepener, Zabron, Ladybrand, Clocolan, Fouriesburg, Ficksburg en dele van Marquard en Excelsior steeds deel van Basoetoland uitgemaak het, het 'n groot gedeelte van die grondgebied tussen die Caledon- en Oranjerivier — 'n gebied waarop die Basoeto aanspraak gemaak het as sou dit hul wettige erfreg wees — vir goed vir hulle verlore gegaan. Terselfdertyd is die Vrystaat se regte op hierdie gebied onweerlegbaar erken.⁵²

Na die vasstelling van 'n duidelike grenslyn wat deur sowel die Vrystaat as Mosjwesjwe aanvaar en formeel bekragtig is, het pres. Brand 'n meer besliste houding ingeslaan: hy het Mosjwesjwe voor 'n voldonge feit gestel, naamlik om toe te sien dat sy onderdane die neergelegde grense eerbiedig en voor 30 November 1864 van Vrystaatse grondgebied padgee, of die gevolge van sy wandade te dra.⁵³ Teenoor hierdie gestrenge Vrystaatse standpunt was daar nie enige verandering in die gesindheid van Mosjwesjwe en die Basoeto te bespeur nie. Die meeste hoofmanne was in werklikheid sterk teen die Wodehouse-verdrag gekant en het oorlog verkies bo ontruiming van die gebied wat hulle as hul eiendom beskou het.⁵⁴

Veral in die noordelike grensdistrikte het die uit-

tartende houding van Lesoana, 'n neef van Mosjwesjwe, die spanning verhoog. Hy het nie slegs geweier om oor die vasgestelde grens na Basoetogebied te trek nie maar hy en sy volgelinge het hulle ook aan diefstal van beeste en perde in die Vrystaat skuldig gemaak. Ook Paulus Mopeli en Molapo het die Vrystaatse regering in hierdie geweste hoofbrekens besorg en in die omgewing van Koesberg het Poshuli sy rooftogte hervat.⁵⁵

Teen die einde van 1865 was die algemene gevoel in die Vrystaat dat alles van sy kant gedoen is om die vrede te bewaar en dat die onus om die dreigende wapenbotsing af te weer dus op Mosjwesjwe en sy onderdane gerus het. 'n Vrystaatse koerant het dit só opgesom: "Neither the Government nor the burghers of this State desire war, but *we do wish to get possession of our own, and to hold the same in peace for the future ... neither we nor our Government can ... be blamed for rushing heedlessly into war...*"⁵⁶ Ook pres. Brand het hierdie standpunt gehuldig en Mosjwesjwe gewaarsku dat die optrede van die Basoeto as 'n oorlogsverklaring teen die Vrystaat beskou word.⁵⁷

Nadat Lesoana na Basoetoland gevlug en Mosjwesjwe in gebreke gebly het om sy onderdane tot orde te bring, het Brand op 6 Junie 1865 'n ultimatum aan die opperhoof gerig. Toe dit drie dae later verstryk, is oorlog teen die Basoeto verklaar.⁵⁸

MILITÈRE VEROWERING (HEROWERING)

Die Vrystaat was die keer beter as tevore voorbereid en toegerus om die Basoeto aan te durf; Mosjwesjwe sou trouens met 'n doelgerigte en georganiseerde Boere-offensief te doen kry. Veral die noordelike kommando onder aanvoering van kmdt.-genl. J.I.J. Fick en die suidelike kommando onder kmdt. L.J. Wepener het die vyand swaar verliese toegedien en in die proses aansienlike grondgebied ingepalm.⁵⁹

Op 31 Julie 1865 het Wepener die volgende proklamasie uitgevaardig wat betekenisvol vir die toekoms van

47. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 21.2.1859, pp.48–49 en 6.9. 1859, p.148; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.90–91.
48. Kyk veral OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, pp.211–251; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.90–106; J.C.M. VENTER, *M.W. Pretorius as staatspresident van die Oranje-Vrystaat 1860–1863* (M.A.-verhandeling, UOVS, 1964), gee 'n breedvoerige uiteensetting van hierdie gebeure.
49. W.J. DE KOCK (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I* (Kaapstad, 1968), p.115; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.298–299.
50. *De Tijd*, 5.1.1864 en 20.1.1864; OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 3.2.1864, pp.8–9.
51. Kyk THEAL, *Basutoland records III*, p.306.
52. OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, p.286; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, p.300.
53. VAB, G.S. 1511 Goewermentsekretaris, uitgaande brieve van die staatspresident (brieeweboek): Brand — Mosjwesjwe, 2.11.1864, pp.175–177.
54. Kyk THEAL, *Basutoland records III*, pp.312–313; VAB, G.S. 1839 Goewermentsekretaris, inkomende stukke van naturelle-opperhoofde (1865–1869): Nehemiah Mosjwesjwe — Brand, Februarie 1863, pp.729–730.
55. SANDERS, *op. cit.*, pp.264–265; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.125–126.
56. Kyk *The Friend*, 25.11.1864: redaksioneel; kursivering deur skrywer.
57. VAB, G.S. 1511: Brand — Mosjwesjwe, 11.2.1865, pp.327–328.
58. *Gouvernements Courant van den Oranje-Vrystaat*, 21.6.1865; THEAL, *Basutoland records III*, pp.356–360.
59. Die krygsverrigtinge gedurende die tweede Basoeto-oorlog (1865–1866) word breedvoerig behandel deur onder andere GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.133–148; TYLDEN, *op. cit.*, pp.93–102 en SANDERS, *op. cit.*, pp.284–295.

proklamasie deur Fick, Wepener en Wessels.⁶⁶ Deur die verdrag te onderteken, het Mosjwesjwe inderdaad erken dat die bewiste grondgebied deur die Vrystaat verower is en voortaan dus nie meer aan die Basoeto behoort nie. Volgens hierdie verdrag is alle vroeëre grensooreenkoms tussen die Vrystaat en Basoetoland as vervalle verklaar. Wat die volkerelike beginsels vir die eienaarskap van staatsgebied betref, het die Vrystaat trouens ook aan die vereistes voldoen aangesien *verowering* as een van die vyf metodes vir die verkryging van grondgebied erken word.⁶⁷

Terwyl Vrystaatse grondgebied deur die oorlog geweldig uitgebrei is, het die Basoeto spoedig gekla dat die oorblywende deel van hul grondgebied te klein geword het vir die bevolking. Verskeie Basoetokapteins het gevoglik verkies om op hul vroeëre woonplekke aan te bly en liewer onderdane van die Vrystaat te word. Deur die verdrag van Imperani (26 Maart 1866) is Molapo en sy volgelinge as Vrystaatse onderdane aanvaar. Hulle sou dié deel van die Verowerde Gebied ter bewoning ontvang wat tussen die Putiatsana, Caledonrivier en Drakensberge geleë was.⁶⁸ Bykans 'n jaar later het Letsie en Paulus Mopeli met hulle volgelinge ook Vrystaatse onderdane geword.⁶⁹

OKKUPASIE EN PROBLEME

Vir die Vrystaat was die anneksasie van die Verowerde Gebied een van die belangrikste gevolge van die tweede Basoeto-oorlog. Hierdie landstreek sou egter verskeie probleme meebring. 'n Voorvereiste vir vrede en orde in die gebied was die kolonisasié daarvan; die vestiging van 'n groot getal Blanke nedersetters in die geannekseerde gebied om as buffer teen hernude grensberings en diefstalle deur Basoeto's te dien, was dus van kardinale belang.⁷⁰

Reeds tydens sy sitting in Februarie 1866 het die Volksraad 'n kommissie van vyf lede benoem om onderzoek na die okkupasie van die Verowerde Gebied in te stel. Die konsepvoorstelle van die kommissie is kort hierna ter tafel gelê en as die *occupatiwet* (ord. 2 van 1866) deur die Volksraad aangeneem.⁷¹

Luidens hierdie ordonnansie sou drie rye phasen, elk met 'n gemiddelde grootte van 1 500 morgé (sowat 1 300 ha) langs die hele grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland geïnspekteer en opgemee word. Twee kommissies sou deur die staatspresident benoem word om hierdie taak te verrig. Elke landkommissie sou uit drie lede bestaan met 'n regeringslandmeter as die voorsitter. Die eerste phasen sou toegeken word aan Blanke burgers van die Vrystaat wat gedurende die tweede Basoeto-oorlog aktiewe kommandodiens gedoen het terwyl die res per openbare veiling verkoop sou word.

Elke plaas moes deur die eienaar persoonlik bewoon word en okkupasie sou op 'n bepaalde dag, deur die staatspresident bepaal, 'n aanvang neem. Persone aan wie 'n plaas toegeken word, moes te alle tye voorsien wees van "een rypaard, zadel, toom, geweer, 200 kogels, 5 pond kruid en 500 dopjes of 12 vuurstenen" en moes gereed wees om sodanige burger- of kommandodiens te verrig as wat 'n veldkornet nodig sou ag. Elke eienaar moes binne ses maande nadat hy sy plaas begin bewoon het, 'n huis van minstens 20' lank en 10' breed (6,10 m × 3,05 m) daarop bou.


Die eienaars van gemiddeld elke 30 aangrensende phasen sou uit hul eie gelede 'n veldkornet kies terwyl plaaseienaars in drie aangrensende veldkornetskappe 'n

kommandant moes kies. Voorsiening is ook gemaak vir die verkiesing van 'n kommandant-generaal wat sy instruksies van die staatspresident sou ontvang. Hierdie amptenare sou belas wees met die beskerming van die grensbewoners en die veiligheid van die grenslyn. In elke veldkornetskap sou 'n plek aangewys word vir die oprigting van 'n fort. Voorts moes die landkommissies minstens vier stukke grond van gemiddeld 6 000 morgé (sowat 5 200 ha) elk afsonder ten einde dorpe daarop aan te le indien die Volksraad dit wenslik of nodig mag vind.⁷²

Teoreties was die beleid van die Vrystaatse regering om die Verowerde Gebied dig te bevolk 'n stap in die regte rigting, dog die praktiese toepassing daarvan het talle leemtes geopenbaar. Die doel van die okkupasiëskema was immers om 'n bolwerk van Blanke boere ("a wall of flesh") teen die Basoeto te vorm en die Vrystaat sodoende teen invalle te vrywaar. By gebrek aan 'n sterk grenspolisiemag het die vraag egter ontstaan wie die drie rye phasen sou beskerm aangesien dit klaarblyklik die regering se bedoeling was dat die grensbewoners sonder enige staatsteun, vir hul onderlinge veiligheid sorg moes dra.⁷³

Voorbeeld van 'n plaasinskrywing in die landregisters van die Verowerde Gebied.

FOTO: IAN TRAILL, MET VERGUNNING VAN DIE VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK



66. VAB, G.S. 1337: Verdrag van Thaba Bosigo, 3.4.1866, pp.137–149; *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 13.4.1866.
67. Kyk GROBBELAAR, *op. cit.*, p.148; EKSTEEN, *op. cit.*, p.10.
68. VAB, G.S. 1512 Goewernementsekretaris, uitgaande brieven van die staatspresident (brieweboek): Brand – J.I.J. Fick, 10.3.1866, pp.280–283; *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 30.3.1866.
69. VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.418 en 424–425.
70. *The Friend*, 27.4.1866: "A visit to Thaba Bosigo"; THEAL, *Basutoland records III*, pp.657–658.
71. VAB, V.R. 182: Wetsontwerp insake okkupasie van die Verowerde Gebied, pp.167–177; OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 19.2.1866, p.69 en 26.2.1866, p.103.
72. Kyk *Ordonnantie-Boek van den Oranjevrijstaat 1854–1880* (Bloemfontein, 1881), pp.196–199.
73. GROBBELAAR, *op. cit.*, p.155; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.307–308.


Hoewel die Volksraad in Junie 1866 'n paswet aanvaar het om streng beheer oor die binnekoms van Basoeto's in die Vrystaat uit te oefen en die grens op hierdie wyse te beveilig,⁷⁴ sou die afwesigheid van 'n doeltreffende grensmag die okkupasieplan van die begin af tot mislukking doem.⁷⁵

Op 24 April 1866 het die opmeting van plase in die Verowerde Gebied reeds 'n aanvang geneem,⁷⁶ dog die landkommissies sou spoedig te kampe hê met groot getalle Basoeto's wat hulle weer in die geannekseerde grondgebied gaan vestig het. So byvoorbeeld het die kommissie van landmeter G.F. Stegmann reeds in Junie 1866 probleme ondervind om plase in die Caledonrivier-distrik te inspekteer aangesien gewapende Basoeto's feitlik 'n skrikbewind in dié geweste gevoer het.⁷⁷ Ook in die distrik Bethlehem het Basoeto's die grens van 1866 oorgesteek en hulle in ontoeganklike bergklowe verskans sodat okkupasie van die noordelike dele van die Verowerde Gebied prakties onmoontlik sou wees.⁷⁸

In plaas daarvan dat die Vrystaat dadelik en kragdadig oorgegaan het om die geannekseerde landstreek te bevolk deur plase toe te ken of dorpe aan te lê, is daar onnodig lank met die implementering van die okkupasieskema gesloer. Dit het aan Basoeto's geleenthed gegee om hul ou woonplekke weer te betrek, oeste in te samel, landerye te bewerk en kolonisasie van die Verowerde Gebied oplaas tot 'n illusie te laat vervaag. Die vernaamste probleem vir die Vrystaat was juis dat hy in April 1866 vrede met die Basoeto gesluit het voordat Mosjwesjwe se mag verbreek was. Onder die bepaalde omstandighede was die Basoeto verplig om die opgelegde voorwaardes te aanvaar, maar hulle was hoegenaamd nie van voorneme

Plan van 'n gedeelte van die Verowerde Gebied soos opgemeet deur G.A.G.P. van den Bosch en saamgestel deur C. Vos.

FOTO: IAN TRAILL, MET VERGUNNING VAN DIE VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK



om dit op die lang duur te eerbiedig nie. Hulle sou die Verowerde Gebied nie vrywillig ontruim nie en slegs indien die Vrystaat hulle met geweld daaruit verdryf en daarin kon slaag om hulle daarbuite te hou, sou daar sprake van orde, rus en ontwikkeling in daardie landstreek wees.⁷⁹

'n Aanduiding van die tydsuurheid en omslagtheid waarmee die okkupasieskema aangepak is, is die feit dat goedkeuring om sowat 20 plase in die distrik Winburg te verkoop deur die Uitvoerende Raad gegee is eers vyf maande nadat daar met die inspeksie en opmeting van plase in dié deel van die Verowerde Gebied begin is.⁸⁰ Teen November 1866 was slegs 83 plase in die distrikte Winburg, Bloemfontein en Smithfield (Caledonrivier) reeds aan okkupante toegeken,⁸¹ terwyl nagenoeg die helfte van die 675 plase wat teen Mei 1867 opgemeet was, nog nie verkoop was nie.⁸²

Dit moet nietemin in gedagte gehou word dat die landkommissies, soos reeds aangedui, dikwels met kwaai teenstand van Basoeto's wat geweier het om die Verowerde Gebied te ontruim, te doen gekry het. Daar was ook geen troepemag op die grens om die werk van die kommissies te vergemaklik nie. Bowendien het die Vrystaatse regering bepaal dat toekenning van plase eers ná 2 November 1866 sou geskied en dat daar eers op 15 Januarie 1867 'n begin met die bewoning daarvan gemaak moes word.⁸³ Die sielkundige uitwerking wat 'n massa-okkupasie binne bestek van enkele maande ná die anneksasie van die Verowerde Gebied op die Basoeto sou gehad het, het dus deur hierdie gesloer verlore gegaan.⁸⁴

Toe okkupasie eindelik in Januarie 1867 moes plaasvind, was dit vir talle burgers feitlik onmoontlik om dit te doen weens die vyandige houding van die Basoeto's wat die gebied steeds bewoon en hul vroeëre landerye selfs nog bewerk het. Baie burgers aan wie plase toegeken is, was gevolglik ongeneë om hulle in die onlus-geteisterde landstreek te gaan vestig en het uitstel van okkupasie gevra of die regering versoek om hulle geheel en al daarvan vry te skeld.⁸⁵

Toestande in die Verowerde Gebied het inderdaad haglik geword namate die Basoeto die onvermoë en onwilligheid van die Blankes om die gebied te beset as 'n

74. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 7.6.1866, p.119; *Ordonnantie-Boek van den Oranjevrijstaat 1854—1880*, pp.203—204 (ord. 5 van 1866).
75. *The Friend*, 26.1.1866; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.155.
76. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 7.5.1866, p.8 en 8.5.1867, pp. 19—20; kyk ook VAB, V.R. 193 Bylae tot Volksraadnotule 1869 I: Rapport landkommissies (rekening), Verowerde Gebied, pp. 153—156.
77. VAB, G.S. 1512: Brand — Mosjwesjwe, 18.5.1866, pp.356—358; G.S. 299 Goewermentsekretaris, inkomende stukke distrikte (Caledonrivier): G.F. Stegmann — Brand, 1.6.1866 pp.60—61; *The Friend*, 29.6.1866.
78. VAB, G.S. 2 Goewermentsekretaris, inkomende stukke distrikte (Bethlehem): Veldkorner G.C. Bruwer — Brand, 23.6.1866, p.7 en veldkorner C. de Jager — Brand, 14.7.1866, pp.13—15.
79. *The Friend*, 17.8.1866 en 7.9.1866; OOSTHUIZEN, *Die verskuwendre grens...*, p.327; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.156.
80. VAB, U.R. 3 Notule van die Uitvoerende Raad, 20.9.1866, p.270.
81. *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat*, 16.11.1866.
82. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 8.5.1867, p.19.
83. *Ibid.*, pp.19—20.
84. *The Friend*, 9.11.1866; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.160.
85. VAB, G.S. 1375 Goewermentsekretaris, inkomende stukke in verband met okkupasie van plase (1866—1872): P. Grobbelaar, Bloemfontein — G.S., 10.1.1867; H.F. van Aardt, Smithfield — G.S., 13.2.1867; G.S. 301 Goewermentsekretaris, inkomende stukke distrikte (Caledonrivier): J. Harvey — G.S., 14.1.1867, pp.67—68; G.S. 988, inkomende stukke distrikte (Winburg): J.I.J. Fick — Landdros Winburg, 18.2.1867, p.46.

Gouvernements Kennisgeving.

Overeenkomstig Art. 18 van Ord. No. 2—1866, sijn de volgende plaatsen, gelezen in do 8 riken, bedoeld in Art. 1 derselfde Ord., door den Uitvoerenden Raad toegeskend aan de onderstaande personen:

PLAATSEN, GEINSPECTEERD DOOR DE COMMISSIE ONDER VOORZITTERSCHAP VAN DEN HEER STEGMAN.

1 Alpha	Hendrik Johannes Visagie	26 Sterkfontein	Johannes Christian H.
2 Uijenberg	Schalk Willem v. d. Merwe	27 Bellevue	Boruman
3 Woerdkop	Willem Abraham Bester Jr.	28 Vaalbank	Christiana Lourens
4 Rondeberg	Michiel Adriana Oosthuizer	29 Turin	Klopper
5 Spitskop	Willemus Christoffel Nisbet	30 Beech Hook	Abramse Sarel Grobbelaar Pa.
6 Riepoort	Jan C. Jonker	31 Vryheidsocht	George Theron
7 Jakkoo	Hugo Schutte	32 Vlakplaats	Adriaan Petrus Nel
8 Vogelvlei	Willem Petrus Smit	33 Mount Pleasant	Bernardus Christiaan Bena
9 Brontonie	Jan Thunissen	34 Burthart	Mathew Christiaan
10 Kasteel	William Joseph Hanger	35 Grootbaai	George Frederik Enslin
11 Middeleiland	Thomas Kindall	36 Blytjelij	Frederik Stuart MacLlatie
12 Walestrand	George Webber	37 London	Fritz Drude
13 Cathcartdrift	Jan A. van der Schijf	38 Hamburg	Joachim Martinus Venter
14 Marinedal	Heribulus Anderson	39 Mowbray	Richard Large
15 Italy	Andrew Johnson Phyp	40 Louwberg	Thomas Beeton
16 Egelsdorp	Willem Edward Snyders	41 Grootkraal	John Goodman
17 Bergplaats	Henrik E. Frederik Prinsloo	42 Bjeenkombat	Otavius B. Bowker
18 Pleasantview	Jan Andries Gouws	43 Matsuka's Stad	Rudolf Martens Brits
19 De Hoop	Richard Clark	44 Naam poort	Henry Hayter
20 Mansdrift	Willen Jacobus Pretorius	45 Dangars Point	Koef Petrus Diederik H.
21 Qualin	P. H. Barends	46 Landseid	Petrus Kruiswijk
22 Smeekop	Claes J. W. van Löttering		Jacobus Krijnhs Hz.
23 De Rust	Frederick W. Jr.		Wijk Middelstaatschrijsver.
			district Kroonstad.
			John Bagwell

PLAATSEN GEINSPECTEERD DOOR DE COMMISSIE ONDER VOORZITTERSCHAP VAN DEN HEER C. VOS.

1 Omega	Jacobus Johannes Klijnhans	20 Volharding	Henry John Vorster Davis
2 Sieskraal	James Shirley	21 Zandvlei	Johannes Jacobus Brand Jr.
3 Motelf	Willem Ward	22 Zandvliegerya	David Zacharias Kooper Sr.
4 Sopersklop	Jacobus Charles Belder	23 Houttuyn	Daniel Bothma v. d. Haer
5 Kraanskop	Jeremiah Horley	24 Zwartland	Jacobs Wineke
6 Fazemekom	Hendrik Lucas van Aardt	25 Kwaansabied	Thomas Roberts
7 Kromdraai	Antonie Kriekens	26 Hongkong	William Charles Quiney
8 Dubbelpoort	William George Every	27 Laqua Moeswa	J. Jaume Gotthob Theunissen
9 Vierlaagte	Robert F. A. W. Lavers Jr.	28 Vlakplaats	Robert John Williams
10 Kleintafelberg	Charles Janca	29 Kampplaats	Christian Hendrik Swanson.
11 Hoopspuit	John Gilson	30 Zuurveld	Coenraad Christoffel Klopper
12 Roedewal	Leopoldus Enthale Harris	31 Zandpruit	Willem Adriaan Coetze
13 Schoongeigt	William George Seney	32 Rietveld	Wm. John Jacobs
14 Tsaland	Jac. Jan C. J. Breyten J. Jr.	33 Rietkloep	Andries Johannes Strauss
15 Wouderkop	Peter Adriaanus Baadenhertz	34 Platfontein	Elmer J. Johannes Strauss
16 Avondzon	J. H. Jobstone	35 Rodekloep	Thomas Swartzie
17 Witkip	Robert Finch Jr.	36 Witkloep	E. A. Budckhurst
18 Bloemfontein	Louisja Montja Owen	37 Witkop	

De voornoemde personen werden uitgenodigd na 1 December a.s. die voorwaarden van uitgaande te komen ondersteekien en de grondreven der hul toegeskende plaatsen tegen tellung van A4 te lezen ten Registratiekantore te Bloemfontein.

ZIEH! de Staatspresident heeft naas aanduiding van Art. 21 van Ord. No. 2, 1866, bepaal, dat te in Art. 21 voorgeschrevene vergelyke bewening moet vanvagen op 15 Januarij, 1867.

Bij order,

J. C. NIJLEN MARAIS,
Gouvernements Secretaris.

Gouvernementskantoor,
Bloemfontein, 2 November, 1866.

Lys van sommige van die eerste plase wat teen November 1866 reeds aan voornemende okkupante toegeken was.

FOTO: IAN TRAILL, BLOEMFONTEIN

swakheid gesien het wat uitgebuit kon word.⁸⁶ In Februarie 1867 het pres. Brand 'n waarskuwing tot Mosjwesjwe gerig om toe te sien dat die grensbepalings van die Thaba Bosigo-verdrag nagekom word en sy onderdane te beveel om die Verowerde Gebied te ontruim.⁸⁷ Mosjwesjwe se lakoniese opmerking hierop is veelseggend en het die situasie raak saamgevat: "De President heeft myne karos gevat en een gedeelte daarvan afgesneden en moet dus ook het ongedierte houden dat zich op dat deel bevindt."⁸⁸

Met advies en goedkeuring van die Uitvoerende Raad het Brand hierna 'n gewapende mag op die been gebring om die Verowerde Gebied van Bosoeto's te suiwer. Die doel van hierdie mag wat op 12 Maart 1867 met sy taak sou begin, was nie om 'n hernude oorlog te ontketen nie maar slegs om die Vrystaat se regte te verdedig. Instruksies is ook aan die hoofkommandante gegee hoe om te handel indien Bosoetohoofmanne soos Letsie, Molet-

sane of Makwai om Vrystaatse beskerming sou vra.⁸⁹

Die Bosoeto's wat hulle in die Verowerde Gebied bevind het, het maar geringe weerstand gebied. Hulle het nie tot die aanval oorgaan nie uit vrees dat hul oeste deur die strafekspedisie vernietig sou word, iets wat hulle ten alle koste wou vermy.⁹⁰ Eerder as om uit die Verowerde Gebied verdryf te word, het Letsie en Paulus Mopeli in hierdie stadium sterk pleidooye gelewer om as Vrystaatse onderdane aanvaar te word. Hoewel die Volksraad bedenkinge oor die wenslikheid van so 'n stap gekoester het, is tog besef dat die Bosoetomag daardeur verder verbrokkel kon word. Op 10 Mei 1867 is derhalwe besluit om hierdie twee hoofmanne wel as onderdane te aanvaar. Soos vroeër met Molapo die geval was, is spesifieke grondgebied aangewys waar dié Bosoetogroepe hulle moes vestig: in die geval van Letsie is die grootste gedeelte van die gebied wat deur kmdt. Wepener verower is as reserwaat of woonplek vir hom en sy agtien onderkapteins met hul volgelinge afgebaken, terwyl die onbesette grond by Witsieshoek aan Mopeli en sy volk afgestaan is.⁹¹

Na afloop van hierdie veldtog het die Vrystaatse regering opnuut besef dat besetting van plase in die Verowerde Gebied alleen, nie 'n doeltreffende buffer teen Bosoeto-indringing sou verseker nie. Daar is dus besluit om dorpe in die gebied aan te lê ten einde 'n digter koncentrasie van Blankes op die grens te bewerkstellig. Ooreenkomsartikel 9 van die *occupatiwet* het die Volksraad gedurende die jaarlikse sitting in 1867 gevolelik goedkeuring verleen aan die stigting van drie "militaire" dorpe in die Verowerde Gebied, te wete Ladybrand by Mauershoek, Wepener by Jammerbergdrift en Ficksburg op die plase Losberg, Rondedraai, Sekonyelasberg en Generaalsvlei.⁹²

Tenders vir die opmet van erwe in hierdie dorpe is kort hierna aanvaar en om die taak te bespoedig is 'n afsonderlike landmeter aan elke dorp toegewys: G.A.G.P. van den Bosch, K.J. de Kok en G. van der Bijl Aling, wat almal ook met die inspeksie en opmet van plase in die Verowerde Gebied gemoeid was, sou onderskeidelik vir die opmet van erwe op Ficksburg, Ladybrand en Wepener verantwoordelik wees. Aansoeke om erwe in die voorgestelde dorpe sou tot 10 Augustus 1867 ingewag word en van elke konsessionaris of eienaar aan wie 'n erf toegeken is, sou vereis word om van 'n geweer en genoegsame ammunisie voorsien te wees. Voorts sou elke erf-eienaar verplig wees om binne drie maande na toekennung sy erf met sooiie, klippe of ander geskikte omheiningsmaterial te ommuur en binne ses maande 'n huis op sy erf te bou. Die jaarlikse bedrag wat deur elke eienaar aan "erfbelasting" of konsessiegeld betaal moes word, sou 10/- beloop.⁹³

Hierdie dorpstigtingskema in die Verowerde Gebied

86. Kyk onder meer *The Friend*, 15.2.1867; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, p.309; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.159—160.
87. VAB, G.S. 1512; Brand — Mosjwesjwe, 13.2.1867, pp.445—446.
88. *De Tijd*, 13.3.1867.
89. VAB, U.R. 3, 26.2.1867, p.388; OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 8.5.1867, p.20.
90. GROBBELAAR, *op. cit.*, p.161.
91. *Ibid.*, pp.161—162; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.418—425 behandel hierdie aangeleentheid uitvoerig.
92. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 13.6.1867, pp.142—144.
93. VAB, G.S. 1379 Goewermentsekretaris, inkommende stukke in verband met die aanlē van dorpe in Verowerde Gebied (1867—1872); Voorwaarde en vereistes vir erververkoop, 21.6.1867 en 27.6.1867; *Gouvernements Courant van den Oranjevrystaat*, 28.6.1867; kyk ook P.H. VAN RHIJN en A.H. KLOPPER, *Die geskiedenis van Ficksburg 1867—1967* (Senekal, 1967), pp.28—29; BOSCH, *op. cit.*, pp.40 en 43; J.J. OBERHOLSTER, *Wepener 1869—1969* (Bloemfontein, 1969), pp.39—40.

was 'n lofwaardige poging deur die Vrystaatse owerheid en kon redelik geslaagd gewees het indien dit veel vroeër aangepak was. Toestande wat egter teen middel 1867 in die gebied geheers het, was geensins bevorderlik vir die aanlē en ontwikkeling van dorpe nie; die Basoeto was besig om hulle op 'n oorlog teen die Vrystaat voor te berei en die strategiese posisie van die te stigte dorpe Ficksburg, Ladybrand en Wepener, wat ingeval van so 'n wapenstryd in die voorste gevaarlinie sou staan, het voornemende inwoners afgeskrik.⁹⁴ Die uitbreek van die derde Basoeto-oorlog in Augustus 1867 sou trouens meebring dat die opmeet en toekenning van erwe in hierdie grensdorpe vir 'n onbepaalde tyd uitgestel moes word.

PRYSGAWE VAN 'N GEDEELTE VAN DIE VEROWERDE GEBIED

Die spanning wat oor 'n lang periode in die Verowerde Gebied opgelaai het, kon onder druk van omstandighede nie onbeperk voortduur nie. Aangevuur deur 'n gees van opportunisme van 'n situasie waar die Blankes die geannekeerde gebied nie wou of kon beset nie, het die Basoeto al hoe astranter geword. Hulle het vryelik oor die grens gestroom en 'n brutale houding jeans die grensboere ingeneem sodat talle hul plase moes verlaat en na veiliger gebied getrek het. Slegs 'n onmiddellike oorsaak vir die uitbreek van vyandelikhede het nog kortgekom.⁹⁵

Basoetogeweld in die gebied het nie lank uitgebly nie want in Junie 1867 het onderdane van Moletsane 'n Engelse handelaar, M. Bush, naby die teenswoordige Ladybrand vermoor. Kort hierna is twee boere, J. Krynaauw en ene Pienaar, in dieselfde omgewing deur 'n bende van sowat 200 Basoeto's aangeval en om die lewe gebring. Toe pres. Brand die uitlewering van die moordenaars eis, het Mosjwesjwe uitdagend geantwoord dat hy nooit die nuwe grenslyn goedgekeur het nie en dat daar dus nie sprake was van Basoeto's wat op Vrystaatse grondgebied kon oortree het nie.⁹⁶

Hierdie gruweldade en die skending van Vrystaatse grondgebied kon nie langer geduld word nie; dit was nou baie duidelik dat die Basoeto nie bereid was om die Verowerde Gebied te erken of die Vrystaat se regmatige aanspraak daarop te respekteer nie. Die gevoel in Vrystaatse kringe was dat die tyd van "tractaten en overeenkomste met Basutos ten eenmale voorbij is" en dat daar vir die Boererepubliek geen ander uitweg meer was nie "dan hen met het zwaard te verdrijven tot dat zij zich overgeven."⁹⁷ Krygwet is hierop in die Vrystaat afgekondig. 'n Kommando is ook opgeroep om die Verowerde Gebied van Basoeto's te suwer en die moorde te wrekk.⁹⁸ Hiermee het die derde en finale oorlog tussen die Vrystaat en Basoetoland uitgebreek.

Die burgers was vasberade om die Basoeto vir eens en vir altyd te onderwerp en 'n einde aan die onsekere en onveilige grenstoestand te maak. 'n Nuwe krygtaktiek is gevolg: Basoeto's se graan en oeste is vernietig, strooptogte tot diep in die hart van Basoetoland is uitgevoer en versterkte bergvestings aangeval en verower.⁹⁹ Vir Mosjwesjwe en sy nasie was die skrif aan die muur, en Britse beskerming sou die laaste strooihalm wees waarna hy kon gryp om die verbrokkeling van sy ryk en 'n volkslae neerlaag teen die Vrystaat af te weer.

Mosjwesjwe het reeds verskeie vroeëre pogings aangewend om sy land onder die gesag en beskerming van die Britse ryk geplaas te kry omdat hy daarvan oortuig was dat die onafhanklikheid en veilige toekoms van Ba-

soetoland alleen daardeur gewaarborg kon word.¹⁰⁰ Toe die militêre gety in Oktober 1867 dus teen sy krygers draai, het Mosjwesjwe sy vertoe om Basoetoland tot Britse gebied te verklaar met dringende erns herhaal. Op 15 Oktober 1867 het hy aan Wodehouse geskryf: "We are in great distress; the war has been waged against us many weeks ... I fervently trust that the Government of the Queen may be willing to receive us, that his powerful protection may cover us and save us ... if the Queen may grant us her protection we shall be grateful to our last breath...".¹⁰¹

Inmiddels was Wodehouse self ook onvermoed besig om onderhandelinge oor die moontlike anneksasie van Basoetoland met die Britse regering te voer. Toe hy eindelik in Desember 1867 goedkeuring ontvang om tot so 'n stap oor te gaan, het hy pres. Brand daarvan in kennis gestel. Die Vrystaatse staatshoof het egter geweier om die oorlog te beëindig alvorens die Verowerde Gebied heeltemal gesuiwer en die moordenaars van Bush en Krynaauw uitgelewer is.¹⁰² Wodehouse het hierdie volhardende houding blykbaar as 'n gesikte geleentheid beskou om sy planne in werking te stel. Hy het 'n verbod op die invoer van ammunisie vanaf die Kaapse hawens na die Vrystaat geplaas en Brand gewaarsku teen die onvriendelike optreden van sy regering teenoor Brittanie.¹⁰³

Op 12 Maart 1868 het Wodehouse 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens Basoetoland voortaan Britse gebied en sy onderdane Britse onderdane sou wees. Hierdie proklamasie het mank gegaan aan verskeie gebreke. Daar is byvoorbeeld na die Basoetovolk verwys sonder om melding te maak van Molapo, Letsie en Mopeli wat Vrystaatse onderdane was; ook was daar sprake van 'n grens wat egter nêrens omskryf is nie.¹⁰⁴ Die anneksasiedaad het dan ook bittere reaksie van die Vrystaat ontlok; dit is bestempel as wederregtelike inmenging op 'n tydstip toe die Vrystaatse magte die Basoeto so te sê volkome onderwerp het. Anneksasie van 'n gebied sonder inagneming van die aansprake van 'n soewereine staat op 'n gedeelte daarvan het op 'n skending van die volkereg asook die bepalings van die Bloemfontein-konvensie (1854) neergekom.¹⁰⁵

Vir Mosjwesjwe en sy sendelingbondgenote daarenteen, het Britse inmenging as 'n bedekte seën gekom. Die algemene gevoel was dat die toekoms van die Basoetonasie nou veilig in die hande van die Britse regering ge-

94. Vergelyk *The Friend*, 28.6.1867, en 19.7.1867; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.156 en 163.

95. Kyk OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, pp.332–333; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, p.310.

96. VAB, G.S. 1512: Brand — Mosjwesjwe, 26.6.1867, pp.516–518; G.S. 1339: Mosjwesjwe — Brand, 9.7.1867, pp.935–938; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.163; BOSCH, *op. cit.*, p.36.

97. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 8.8.1867, pp.4–6 en 9.

98. *Ibid.*, p.6; *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 16.7.1867; THEAL, *Basutoland records III*, p.790.

99. Kyk SANDERS, *op. cit.*, pp.298–306 en GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.165–170.

100. THEAL, *Basutoland records III*, pp.755–758; TYLDEN, *op. cit.*, p.86; SANDERS, *op. cit.*, p.47.

101. THEAL, *Basutoland records III*, p.827.


102. VAB, G.S. 1192 Goewermentsekretaris, inkomende stukke Goewerneur en Hoë Kommissaris van die Kaapkolonie: Wodehouse — Brand, 13.1.1868; G.S. 1513 Goewermentsekretaris, uitgaande brieue van die staatspresident (brieweboek): Brand — Wodehouse, 31.1.1868, pp.190–192.


103. Kyk GROBBELAAR, *op. cit.*, p.170; THEAL, *Basutoland records III*, p.892.

104. *Cape of Good Hope Government Gazette*, 12.3.1868; VAN DER POEL, *op. cit.*, pp.215–216.


105. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 21–24.3.1868, pp.10–21; *De Tijd*, 17.6.1868: redaksioneel; EKSTEEN, *op. cit.*, p.46.

**SKETSKAART WAT DIE BENADERDE POSISIES
VAN DIE RANDPLASE VAN DIE
VEROWERDE GEBIED
AAN SOWEL DIE VRYSTAATSE
AS DIE LESOTHO-KANT AANTOON**





BASOETOLAND/LESOTHO



Grondplan en onderverdeling van die plaas Bankies, distrik Ladybrand.
FOTO: LANDMETER-GENERAAL, BLOEMFONTEIN

plaas is en die Basoeto dus voortaan teen hernude botsings met die Vrystaat gevrywaar sou wees.¹⁰⁶ Wodehouse self het sy handelswyse regverdig deur te beweer dat dit die hoofdoel van Britse anneksasie was om rus en orde in Basoetoland en op sy grense te verseker — iets waartoe die Vrystaat in elk geval nie die middele of militêre mag gehad het nie. Wat hy dus gedoen het, was na sy mening in die belang van vrede en voorspoed vir sowel Swart as Wit in Suid-Afrika.¹⁰⁷

Nieteenstaande die sterk gevoel van verbittering by die Vrystaat, het Brand besef dat 'n voortsetting van die stryd teen die Basoeto maklik op 'n gewapende botsing met hul Britse beskermheer kon uitloop, iets wat die oorlogsmoeë Boererepubliek nog finansieel nog militêr kon bekostig, veral ook in die lig van die ammunisieverbod.¹⁰⁸ 'n Vrystaatse afvaardiging wat deur die Volksraad benoem is om in Engeland teen die anneksasie te protesteer, het onverrigter sake teruggekeer en pres. Brand het derhalwe magtiging van sy regering verkry om onderhandelinge met Wodehouse aan te knoop.¹⁰⁹

Samesprekings tussen Vrystaatse afgevaardigdes en die Britse Hoë Kommissaris as verteenwoordiger van die Basoeto het op 4 Februarie 1869 te Aliwal-Noord begin en agt dae later is die tweede verdrag van Aliwal-Noord onderteken. Die nuwe grens tussen die Oranje-Vrystaat en Basoetoland is soos volg vasgestel: vanaf die sameloop van Kornetspruit en die Oranjerivier, langs eersgenoemde op tot by 'n punt naaste aan Olifantsbeen, dan na Olifantsbeen en van daar met 'n reguit lyn tot by die suidelike punt van Jammerberg. Daarvandaan strek dit tot by die verste noordwestelike punt van Jammerberg en dan met 'n reguit lyn na die Caledonrivier. Van hier af volg dit die loop van dié rivier tot by die Putiatsana en langs hierdie rivier op tot by sy oorsprong in die Drakensberg. Hiervandaan volg die lyn die Drakensberg tot aan die

Brits-Natalse grens.¹¹⁰

Hierdie grensbepalings toon 'n hoë mate van ooreenstemming met dié van Southey (1848) en Wodehouse (1864). Die Vrystaat moes egter die gedeelte oos van die grenslyn wat in 1865 deur L.J. Wepener vasgestel is aan Basoetoland prysgee. Dié deel van die Verowerde Gebied wat afgestaan is, het 142 plase met 'n totale oppervlakte van sowat 213 000 morg (nagenoeg 183 000 ha) ingesluit.¹¹¹ Toe Molapo en sy volgelinge, ooreenkomsdig artikel 6 van die Aliwal-Noord-verdrag, in 1870 besluit om hul onderdaanskap van die Vrystaat prys te gee en Britse onderdane te word, moes die Vrystaatse regering ook hierdie grondgebied (tussen die Caledon- en Putiasanarivier en die Drakensberge) prysgee — 'n gebied wat in 1865 deur Fick verower is.¹¹²

Die nuwe grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland het die voordeel gehad dat dit 'n veel natuurlike en duidelik kenbare skeidingslyn was wat die toets van die tyd sou deurstaan. Onsekerheid en verwarring is hierdeur ook grootliks uitgeskakel. Vir die Vrystaat het dit nietemin 'n verlies van 'n aansienlike deel van die Verowerde Gebied beteken. Hierdie verlies kan in hoe mate aan sy eie toedoen gewyt word want deur die gebrekkige okkupasieskema na die tweede Basoeto-oorlog is die Basoeto aangespoor om die verowerde landstreek opnuut binne te dring terwyl opperhoofde soos Letsie en Molapo toegelaat is om Vrystaatse onderdaanskap te aanvaar en sodoende later in staat gestel is om dié gedeeltes van die Verowerde Gebied wat aan hulle toegeken is, hul permanente woonplekke te maak. Die beste en vrugbaarste deel van die gebied, wes van die Caledonrivier, het nietemin Vrystaatse besit gebleek.¹¹³

Op hul beurt het die Basoeto groot gebiedsverliese gely. As Britse onderdane moes hulle die grensbepalings gelate aanvaar sonder om self 'n noemenswaardige aandeel in die vasstelling daarvan te hé. Hulle moes met spyt toesien hoedat 'n uitgestrekte gebied waarop Basoetoland volgens Mosjwesjwe "erflike reg" gehad het, vir goed vir hulle verlore gaan. Tog het hulle heimlik besef dat, sonder die tussenkoms van die Britse regering, hulle alles sou verloor het. Tot hierdie peil van vernedering het hul verontagsaming van verdrae hulle gebring.¹¹⁴

106. Kaapse Argiebewaarplek, Kaapstad (KAB), G.H. 14/7 Government House records, letters received from Native chiefs and British officials in Basutoland: Mosjwesjwe — Wodehouse, 7.1. 1869; V. ELLENBERGER, *A century of missionwork in Basutoland, 1833—1933* (Morija, 1938), p.148.
 107. KAB, B.R. IV Basutoland unpublished records (red. G.M. Theal): Wodehouse — Britse minister van kolonies, 18.5.1868, p.282; vergelyk ook VAB, G.S. 1217 Goewermentsekretaris, inkomende stukke van die buiteland (Kaapkolonie): Wodehouse — Brand, 27.3.1868, p.227.
 108. KAB, B.R. IV: Brand — Wodehouse, 2.4.1868, p.173; OOST-HUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, p.339.
 109. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 14.1.1869, p.11; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.182; G.D. SCHOLTZ, *President Johannes Henricus Brand, 1823—1888* (Johannesburg, 1957), pp.78—79.
 110. Kyk VAB, G.S. 1337: Tweede verdrag van Aliwal-Noord, 12.2. 1869, pp.115—129 en 171—174; *Gouvernements Courant van den Oranjevrystaat*, 17.2.1869.
 111. Vergelyk VAB, AKT 2/1/149—2/1/150 Registrateur van Aktes, Bloemfontein (1848—1936): Landregisters van die Verowerde Gebied; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.190.
 112. VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.417—418; GROBBELAAR, *op. cit.*, p.184; THEAL, *Basutoland records III*, kaart teenoor p. 848; BÖESEKEN, *op. cit.*, kaart no. 68.
 113. Kyk veral OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, pp.350—351; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.156 en 184.
 114. T. JOUSSE, *La mission Française au Sud de l'Afrique II* (Parys, 1889), p.138; OOSTHUIZEN, *Die verskuiwende grens...*, p.351; TYLDEN, *op. cit.*, p.109.

FINALE OMVANG EN VERDELING

Die aanname van Basoetoland as Britse gebied het die spanning tussen die Vrystaat en sy oostelike buurstaat in hoë mate ontlai en die verhouding sou voortaan langs 'n vreedsamer weg ontwikkel. Die grensvraagstuk was nie meer 'n aangeleentheid direk tussen die Vrystaat en die Basoeto nie en daardeur is die Boererepubliek van 'n groot las bevry — die Britse regering was nou vir die rus en orde in Basoetoland verantwoordelik.¹¹⁵

Voor dat 'n finale grensreëling tussen die twee state in Februarie 1869 getref is, sou die okkupasie van die Verowerde Gebied, wat met die uitbreek van die derde Basoeto-oorlog ter syde gestel moes word, egter nie doeltreffend en suksesvol aangepak kon word nie. Reeds kort na die anneksasie van Basoetoland in Maart 1868 het inwoners van die Verowerde Gebied by die Volksraad gekla oor die onsekere en onveilige toestand op die grens. Baie van die vroeë okkupante moes hul plase gedurende die oorlog verlaat om kommandodiens te verrig en soodoende is hulle eiendom aan die genade van Basoetobendes oorgelaat. Diefstal deur Basoeto's het nog herhaaldelik voorgekom.¹¹⁶ Hierdie situasie kon eintlik tevore reeds voorsien word, want ondanks die feit dat die Basoeto ná Maart Britse onderdane was, is geen vrede of wapenstilstand nog tussen die Vrystaat en Basoetoland gesluit nie. Die oorlog het wel vir alle praktiese doeleinades met die anneksasie van Basoetoland geëindig, maar sporadiese vergeldingstogte deur beide strydende groepe het nog voorgekom. Eers toe die Aliwal-Noord-verdrag bykans 'n jaar later onderteken is, is militêre bedrywighede amptelik gestaak en is die Basoeto's aangesê om die Verowerde Gebied voor 31 Julie 1869 te ontruim.¹¹⁷

Terwyl daar dus nog 'n oorlogstoestand in die Vrystaat geheers het, is kolonisasie van die Verowerde Gebied aansienlik bemoeilik. In die distrik Winburg (inclusief die huidige Clocolan, Excelsior en Marquard) is 34 plase gedurende Julie 1868 aan burgers toegeken dog in die meer suidelike dele van die Verowerde Gebied het plunderende groepe Basoeto's okkupasie feitlik onmoontlik gemaak.¹¹⁸ Die gevoel by Vrystaatse burgers was dat die Basoeto's met geweld verdryf en die gebied kragdadig beset moes word.¹¹⁹ Tog het die probleem juis daarin geleë dat Wodehouse geen grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland afgebaken het toe hy laasgenoemde gebied geannekeer het nie. Groepe Basoeto's het dus steeds oor die grens van 1866 gestroom en die Verowerde Gebied beset omdat daar nie sekerheid oor die afbakening van die geannekeerde Basoetoland was nie.¹²⁰

Opmeting van erwe in die drie dorpe wat reeds in 1867 gestig is, het gedurende 1868 'n aanvang geneem. Op Ficksburg was 260 erwe al teen Maart opgemaat en op 18 Mei 1868 is 'n skamele 32 daarvan aan voornemende inwoners toegeken. Op Ladybrand is die opmeting van die dorp in Maart voltooi dog die eerste intrekkers het eers heelwat later hul opwagting gemaak. Teen middel 1868 het landmeter Aling met opmeting van Wepener begin maar van die 400 erwe wat hy uitgemeet het, was slegs 35 aan die begin van 1869 reeds bewoon.¹²¹ Soos in die geval van besetting van plase in die Verowerde Gebied sou die bewoning en groei van die militêre dorpe in die streek agterweé bly totdat 'n finale grensskikking met die Basoeto bereik kon word.

Met die ondertekening van die tweede verdrag van Aliwal-Noord in Februarie 1869 het die jarelange stryd en botsing tot groot hoogte ten einde geloop. 'n Tydperk van betreklike vrede het nou vir die Vrystaat aangebreek,

'n tydperk waarin ook onverdeelde aandag aan die kolonisasie van die Verowerde Gebied bestee kon word.

Gedurende die sitting van die Volksraad in Mei 1869 is die administrasie en verdeling van die Verowerde Gebied in oënskou geneem. Om geografiese en administratiewe redes is besluit dat dié gebied in vyke verdeel en by die naaste aanliggende distrikte ingeskakel sou word. 'n Kommissie om hierdie taak af te handel, is trouens benoem.¹²² Voorts het die Volksraad bepaal dat persone wat hulle nog in die Verowerde Gebied wou gaan vestig hulle voor 1 Januarie 1870 by die veldkornette onder wie hulle kommandodiens gedoen het, moes aanmeld om in aanmerking vir toekenning van plase te kom.¹²³

Teen die einde van 1869 was die verdeling van die Verowerde Gebied afgehandel. Die 605 plase in die gebied is soos volg in vyf vyke verdeel en by die volgende distrikte ingelyf: wyk Vechtkop, 116 plase, distrik Caledonrivier; wyk Wepener, 71 plase, distrik Caledonrivier; wyk Ladybrand, 156 plase, distrik Bloemfontein; wyk Corannaberg, 141 plase, distrik Winburg en wyk Ficksburg, 121 plase, distrik Winburg.¹²⁴

Met die opening van die Volksraadsitting in Mei 1870 het pres. Brand daarop gewys dat die bewoning van die Verowerde Gebied bevredigend vorder. Op Wepener was reeds meer as 60 huise opgerig, op Ladybrand sowat vyftien en op Ficksburg was tien erwe reeds ommuur en ses huise voltooi terwyl vier nog in aanbou was. Verslae wat uit die distrikte Caledonrivier en Winburg ontvang

Ladybrand, ca. 1871.

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK



115. Kyk onder meer J.M. MOAPELOA, *Government by proxy: ten years of Cape Colony rule in Lesotho, 1871—1881* (Morija, 1971), pp.2—3; VAN ASWEGEN, *op. cit.*, pp.313—314.

116. VAB, V.R. 191 Bylae tot Volksraadnotule 1868 I: Memorie van J.A. Cornelis en 8 ander, 21.3.1868, pp.41—42; memorie van J.J. Wessels en 13 ander, Maart 1868, pp.156—157 en memorie van J.G.P. Karelse en 13 ander, 30.4.1868, pp.158—159.

117. OOSTHUIZEN, *Die verskuivende grens...*, p.345; GROBBELAAR, *op. cit.*, pp.176—180 en 184.

118. VAB, G.S. 1375: Landdros Winburg — G.S., 27.7.1868 en D.J. du Toit, distrik Rouxville — Brand, 2.9.1868.

119. Kyk *The Friend*, 9.10.1868: redaksioneel.

120. VAB, G.S. 1513: Brand — Wodehouse, 4.12.1868, p.430.

121. Kyk VAN RHIJN en KLOPPER, *op. cit.*, pp.29—30; BOSCH, *op. cit.*, pp.43—45; OBERHOLSTER, *Wepener*, pp.40—42; J.A. van ZYL, *Die ontstaan van dorpe in die OVS, Tydskrif vir Aardrykskunde* 2(5), September 1964, p.43.

122. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 3.5.1869, p.12 en 15.5.1869, p.63.

123. *Ibid.*, 31.5.1869, p.161.

124. VAB, AKT 2/1/149—2/1/150; *Gouvernements Courant van den Oranjevrystaat*, 22.12.1869; kyk ook lys van plase in die Verowerde Gebied, pp.23—24.

is, het insgelyks daarop gedui dat okkupasie van plase in die verowerde landstreek ywerig voortgesit word.¹²⁵

In 1871 is die Verowerde Gebied as 'n afsonderlike distrik in die Volksraad deur vyf lede, een vir elke wyk, verteenwoordig.¹²⁶ Gedurende dieselfde jaar is Rouxville tot 'n afsonderlike landdrosdistrik verklaar; die wyke Vechtkop en Wepener sou voortaan deel van hierdie distrik uitmaak.¹²⁷ Toe Ladybrand in Junie 1872 'n selfstandige landdrosdistrik word, is die wyke Corannaberg en Ficksburg daarby ingesluit.¹²⁸ Deur ordonnansie 10 van 1884 is Wepener tot 'n afsonderlike distrik verklaar en sewe jaar later het Ficksburg ook distrikstatus verkry.¹²⁹

Okkupasie van die Verowerde Gebied het gedurende die sewentigerjare inderdaad snel gevorder en teen 1880 was hierdie gebied een van die digbevolkte dele in die Oranje-Vrystaat. Die totale bevolking van die distrik Ladybrand was 11 538 waarvan 5 232 Blanke was. In die distrik Rouxville het die totaal Blanke inwoners op 5 031 te staan gekom terwyl die Nie-Blanke getal 3 058 beloop het.¹³⁰

Die meer as 600 plase in die Verowerde Gebied met 'n gesamentlike oppervlakte van nagenoeg 948 000 morg (sowat 813 000 ha) was by uitstek geskik vir landbou.¹³¹ In sy gereelde rubriek "Agricultural prospects of the Conquered Territory", het *The Friend* dan ook gedurende die sewentigerjare gewag gemaak van die ekonomiese enveral landboukundige oplewing in hierdie geweste.¹³² Die Verowerde Gebied het weliswaar spoedig tot die "graanskuur" van die Vrystaat ontwikkel.¹³³

Benewens die dorpe Ficksburg, Ladybrand en Wepener wat op aanbeveling van die Volksraad in die Verowerde Gebied aangelê is, het verskeie ander dorpe ook met verloop van tyd in dié gebied verrys. Die belangrikste hiervan was Zastry (gestig 1876 en aangelê op 'n gedeelte van die plaas Verliesfontein), Fouriesburg (gestig 1892 en aangelê op die plaas Groenfontein), Clocolan (gestig 1906 en aangelê op die plaas Harrold en Rienzi), Excelsior (gestig 1910 op die plaas Excelsior en Sunlight), Hobhouse (gestig 1912 en aangelê op die plaas Poortje), Clarens (gestig 1912 en aangelê op Leliefontein, 'n onderverdeling van die plaas Naauwpoortsnek) en Vandstadensrus (gestig 1920 op die plaas Mook). Gedurende die 20ste eeu het spoorwegstasies en -haltes soos Marseilles, Westminster, Modderpoort, Gumtree en Boesmanskop ook in die Verowerde Gebied tot stand gekom.

Die dekade na die anneksasie van Basoetoland het in die teken van 'n redelik ontspanne verhouding tussen die Vrystaat en sy swart buurstaat gestaan. Die grensgeskil was bygelê en daar kon met doelgerigtheid begin word om die potensiaal van die Verowerde Gebied te ontwikkel. In 1879 het 'n Vrystaatse koerant die aanname van die Basoeto as Britse onderdane bestempel as 'n gebeurtenis wat vir die Boererepubliek ten goede plaas gevind het deurdat dit 'n tydperk van vrede en voorspoed vir die Vrystaat ingelui het.¹³⁴ Hierdie gees van optimisme was egter misplaas want soos dit weldra sou blyk, het die Basoeto die verlies van die grondgebied wes van die Caledonrivier nie aan die vergetelheid toevertrou nie.

gegryp. In beeldryke taal het hy teenoor Wodehouse opgemerk: "I am glad that my people have been allowed to rest and lie under the large folds of the flag of England ... we now have before us the prospect of a lasting peace..."¹³⁵ Toe die bepalinge van die Aliwal-Noord-verdrag egter bekend word, het Mosjwesjwe se loftuitinge van vroeër oorgegaan in klaagliedere en verwyte. Sowel hy as sommige van sy hoofmanne het sterk beswaar aangegetekן oor die gebied wat Basoetoland aan die Vrystaat moes afstaan.¹³⁶

'n Basoeto-afvaardiging is in 1869 na Engeland gestuur om die grensreëlings wat tussen die Vrystaat en Britse regerings getref is gewysig te kry of selfs ongedaan te maak.¹³⁷ Ofskoon hierdie poging vrugtelos was, sou die Basoeto nie die stryd gewonne gee om die sogenaamde Verowerde Gebied weer by hul land ingelyf te kry nie. Aan die begin van 1882 het 'n boer uit die distrik Winburg daarop gewys dat die Basoeto "openly assert that they will get back their ground ... and also maintain that the Conquered Territory is still Basutoland."¹³⁸

Die anneksasie van Basoetoland het egter ook by die Vrystaat 'n wrang smaak nagelaat: die gevoel in sommige kringe was dat Britse tussenkoms die Vrystaat van 'n gewisse onderwerping van die Basoeto en die inpalming van Basoetoland weerhou het. Selfs twee tot drie dekades na die anneksasie het daar uit verskeie oorde stemme opgeklink teen die optrede van Wodehouse wat die Vrystaat van die vrugte van sy oorwinning oor die Basoeto beroof het. Uitsprake soos die volgende is dikwels gehoor: "Basutoland behoort aan den Vrijstaat en zal nog terug komen..."; "niet alleen geographisch, maar meer noch volgens overwinningsrecht, weet elkeen dat Basutoland den Vrijstaat toebehoord"; "Basutoland waren ons wettig eigendom (doch) zijn ons ontnomen door de landhonger van Engeland."¹³⁹

- 125. OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 2.5.1870, p.3 en 6.5.1870, pp. 38–39; VAB, G.S. 1375; Landdros Winburg — G.S., 16.11.1869 en Landdros Caledonrivier — Brand, 20.1.1870.
- 126. Kyk OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 3.4.1871, pp.2 en 4.
- 127. *Ibid.*, 31.5.1871, p.134.
- 128. *Ibid.*, 10.6.1872, p.242 en 13.2.1873, p.2.
- 129. *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 28.5.1884 en 19.6.1891.
- 130. OVS-REGERING (Oranjeboek), *Census van den Oranjevrijstaat opgenomen op 31 Maart 1880* (Schedule A); vergelyk ook S.W. KEMP, 'n Beplanningstudie van die verstedeliking van die Oranje-Vrystaat (D.Sc.-proefschrift, UP, 1968), kaarte 3B en 3C.
- 131. VAB, AKT 2/149—2/150; D.J. JACOBS, Landbou en veehou in die Oranje-Vrystaat, 1864—1888, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 32(1), 1969 (Johannesburg, 1969), pp.157—158 en 161.
- 132. Kyk onder meer *The Friend*, 3.2.1876, 3.8.1876, 3.5.1877 en 23.2.1878.
- 133. JACOBS, *op. cit.*, p.185; A.C. REDELINGHUIS, 'n Historiese-geografiese oorsig van die ontwikkeling van landbou in die OVS sedert die begin van Blanke vestiging tot 1969 (M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1974), pp.16 en 23; OVS-VOLKSRAAD, *Notulen...*, 20.6.1894, p.517.
- 134. *De Express*, 13.3.1879 (Byvoegsel).
- 135. THEAL, *Basutoland records III*, p.843.
- 136. KAB, B.R. V: Mosjwesjwe — D.D. Buchanan, 16.3.1869, p.118 en Nehemiah Mosjwesjwe — F. Daumas, April 1869, p.139.
- 137. THOMPSON, *op. cit.*, pp.308—310; G.M. THEAL, *A fragment of Basuto history 1854—1871* (Kaapstad, 1886), pp.161—169.
- 138. *The Friend*, 26.1.1882; vergelyk verder VAN DER POEL, *op. cit.*, p.180; R.C. GERMOND (red.), *Chronicles of Basutoland: A running commentary on the events of the years 1830—1902 by the French Protestant missionaries in Southern Africa* (Morija, 1967), p.268.
- 139. Vergelyk *De Express*, 13.4.1876; 18.1.1883; 22.2.1883; 22.6.1897 en 19.4.1898; *The Friend*, 17.1.1893; W. GRESWELL, *Our South African empire II* (Londen, 1885), p.93; MOHAPELOA, *op. cit.*, p.71.

HERNUDE GRONDEISE IN DIE TWINTIGSTE EEU

Bewus daarvan dat sy ryk en grondgebied besig was om die Vrystaatse leërmag feitlik totaal ten prooi te val, het Mosjwesjwe Britse beskerming aan die begin van 1868 as 'n tydige (tydelike!) en welkommaatreeël aan-

Hoewel albei partye dus met 'n mate van wrelwervel was jeens die Britse regering wat deels daarvoor verantwoordelik was dat hulle hul "regmatige" grondaansprake moes prysgee, was dit ironies genoeg ook die teenwoordigheid van Britse gesag wat beide groepe daarvan weerhou het om hul eise met dade op te volg. Die regering van die Kaapkolonie, wat die bestuur en administrasie van Basoetoland sedert 1871 op hom geneem het, is deur die Ontwapeningsoorlog of "Gun War" (1880–1881) genoop om hierdie bestuur aan Brittanje oor te dra.¹⁴⁰ Ná 1884 het Basoetoland gevvolglik opnuut onder direkte Britse beheer gekom, 'n posisie waarin hy hom vir die volgende nagenoeg 80 jaar sou bevind. Basoetogrondiese sou in hierdie periode wel van tyd tot tyd voorkom dog die aanwesigheid van Britse gesag het enige daadwerklike pogings om verlore grondgebied terug te kry, gedwarsboom.¹⁴¹

Na 1910 het die Oranje-Vrystaat deel van die Unie van Suid-Afrika geword en die grens- en grondvraagstuk met Basoetoland sou voortaan deur die sentrale regering behartig word. Reeds in 1913 het die Suid-Afrikaanse regering Brittanje versoek om die drie Britse protektorate (Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland) by die Unie in te lyf. Die rede hiervoor was veral omdat die bestaan van onafhanklike Nie-Blanke state binne die geografiese opset van suidelike Afrika 'n teenstrydigheid sou wees. Enersyds sou so 'n inlywing Brittanje van sy administratiewe verpligte in die drie gebiede onthef en terselfdertyd sou dit 'n hechter eenheid tussen die verskillende rassegroepe onder 'n Brits-Suid-Afrikaanse bewind meebring.¹⁴²

Onderhandelinge tussen Brittanje en Suid-Afrika oor inlywing is gedurende die bewindstydperke van genls. Botha, Hertzog en Smuts voortgesit sonder dat enige ooreenkoms bereik kon word. Na die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) het 'n nuwe fase in die geskiedenis van Afrika aangebreek, naamlik die tydperk van ontvoogding van kolonies op dié vasteland wat vir baie jare deur Europese moondhede beheer is. As leier van die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het, het dr. D.F. Malan hom ook beywer vir inlywing van die protektorate. In die gees van 'n opkomende Afrika-nasionalisme het die inwoners van Basoetoland egter hul teenkanting teen so 'n oordrag aan die Unie te kenne gegee. Malan se opvolgers, adv. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd, het wel gepoog om inlywing te bewerkstellig aangesien dit tot die ekonomiese en politieke voordeel van sowel Suid-Afrika as Basoetoland sou strek. Tog moes hulle weldra aanvaar dat die veranderde Britse na-oorlogse beleid om selfregering aan sy kolonies toe te ken verdere onderhandelinge ten opsigte van inlywing sou laat skipbreuk ly.¹⁴³ Toe Basoetoland op 4 Oktober 1966 sy onafhanklikheid as die koninkryk van Lesotho verkry, is die gedagte van inlywing of oordrag dan ook finaal beëindig.

Die periode wat die verkryging van onafhanklikheid vir Lesotho voorafgegaan het, is gekenmerk deur 'n wedloop om die magposisie by die verskillende politieke partye. Namate die bevolking vermeerder en die behoefté aan bewerkbare landbougrond dienooreenkomstig toegeeneem het, het die begeerte om die Verowerde Gebied weer in besit te neem sterker na vore gekom.¹⁴⁴ As deel van hul verkiesingsveldtug het die leiers van die vernaamste politieke partye (die Basutoland National Party, Basutoland Congress Party en Marema-Tlou Freedom Party) die sluimerende grondkwessie aangegryp om nasionale steun en internasionale simpatie te verwerf. Reeds in 1962 het leiers van die BNP en die BCP die VVO skriftelik

versoek om toe te sien dat die Verowerde Gebied aan Basoetoland teruggegee word. Brittanje en Suid-Afrika is daarvan beskuldig dat hulle die Basoeto van lewensruimte en selfonderhoudendheid beroof het deur die vrugbaarste grond wes van die Caledonrivier van hulle te vervreem.¹⁴⁵ Soos Mosjwesjwe van ouds het hierdie Basoetoleiers egter ook geen presiese aanduiding gegee van die omvang van hul grondeise nie.

Tydens 'n debat van die Basoetolandse parlement in November 1965 het die BCP daarop aangedring dat die Britse regering onmiddellik met Suid-Afrika moet onderhandel oor die teruggawe van die sogenaamde Verowerde Gebied. Die BNP was dit eens dat hierdie teruggawe voorrang moes geniet dog was van mening dat daar mee gewag moes word totdat die Basoeto beheer oor hul eie buitelandse sake gekry het sodat daaroor direk met die regering van die RSA onderhandel kon word.¹⁴⁶

Op 17 Desember 1965 het daar 'n berig in *Ons Land* verskyn waarin gesinspeel is op die feit dat die Basoeto eis dat die sogenaamde "verowerde gebiede" aan hulle teruggegee word. 'n Beweerde brief van hoofman Leabua Jonathan, leier van die BNP, aan S.F. Papenfus, kommissaris-generaal vir die Suid-Sotho-groep, is ook gepubliseer. Hierin het Jonathan hom soos volg uitgelaat: "...u het belowe dat as ons die regering van Basoetoland word ... u Regering aan ons sal teruggee die volgende: Witsieshoek, Matatiele, Herschel en dié deel van die Oranje-Vrystaat wat aan Basoetoland grens vanaf Fouriesburg tot Wepener, sodat ons 'n groter Basoetoland kan vorm en u Regering in staat kan wees om onregte van die verlede reg te stel." Die eerste minister, dr. Verwoerd, het skerp op hierdie aantygings gereageer en die brief as 'n vervalsing verwerp wat met die Basoetolandse verkiesingsveldtug deur die BCP opgestel is. Hy het dit trouens beklemtoon dat die regering nie van voorneme was om "oor die sogenaamde Verowerde Grondgebied van die Vrystaat enige onderhandelings te voer nie."¹⁴⁷

Hiermee is die kwessie van die Verowerde Gebied egter nie besweer nie. 'n Opposisielid wou in die wantrouedebat gedurende dieselfde sitting van dr. Verwoerd weet: "Wat is daar om te belet dat die Verowerde Grond in die Vrystaat swart word?" Hy het voorts beweer: "...die Verowerde Grond was ongetwyfeld Bantoegebied gewees. Die Basoeto's het daardie gebied geokkupeer ... (en) verwag om die grond te ontvang wat histories aan hulle behoort het; en vanselfsprekend behoort daardie grond histories aan hulle."¹⁴⁸ Dat sulke eensydige en ongegronde verklarings nie verder deur die Volksraad bespreek is nie, lê voor die hand.

140. Vir 'n bespreking van die onderhawige saak kyk veral E. BRADLOW, *The Cape government's rule of Basutoland, 1871–1883, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 31(2), 1968 (Johannesburg, 1969); A.A.J. VAN NIEKERK, *Die gebeure wat geleei het tot die oorname van Basoetoland deur Brittanje, 1878–1884* (M.A.-verhandeling, US, 1956).

141. D.J. GELDENHUYSEN, *Lesotho se buitelandse beleid: die rol van 'n klein moondheid in die wêreldpolitiek* (M.A.-verhandeling, UP, 1973), pp. 244–245; A.J. VAN WYK, *Lesotho: 'n politieke studie* (Mededelinge van die Afrika Instituut — nr. 7, Pretoria, 1967), p. 50; EKSTEEN, *op. cit.*, p. 86.

142. EKSTEEN, *op. cit.*, pp. 55–62.

143. *Ibid.*, pp. 62–83.

144. Vergelyk GELDENHUYSEN, *op. cit.*, p. 245; *Hoofstad*, 9.7.1974.

145. *Die Transvaler*, 4.5.1962; kyk ook OOSTHUIZEN, *Die grensgeskil...*, *Argiefnuus* 20(9), Maart 1978, p. 16; VAN WYK, *op. cit.*, p. 4.

146. *The Friend*, 3.11.1965; EKSTEEN, *op. cit.*, pp. 84–85.

147. SUID-AFRIKA, VOLKSRAAD, *Debatte*, 25.1.1966, kolomme 63–66.

148. *Ibid.*, 9.2.1966, kolomme 1230–1231 en 1234.



In weerwil van die feit dat Lesotho se grondeise volgens die internasionale reg en die feitelike posisie met betrekking tot die Verowerde Gebied nie stand gehou het nie, het die Suid-Afrikaanse regering hom in November 1968 bereid verklaar om in samewerking met Lesotho 'n gesamentlike grenskommissie aan te stel. Suid-Afrika het nietemin daarop gewys dat die opdrag aan die voorgestelde kommissie nie die Vrystaat-Lesotho-sektor van die grens moes insluit nie aangesien die oorwegende gedeelte daarvan 'n riviergrens is wat nie tot dieselfde probleme aanleiding kan gee as die Lesotho-Kaapland- en Lesotho-Natal-sektor waar onsekerhede oor die werklike ligging van die grens bestaan nie.¹⁴⁹ Byna twee jaar het egter hierna verloop sonder dat enige reaksie van die Lesothoregering op hierdie voorstel ontvang is.¹⁵⁰

Direk na Lesotho se onafhanklikwording het die vraagstuk van die Verowerde Gebied vir 'n geruime tyd nie weer ter sprake gekom nie. In Mei 1973 het premier Jonathan egter met 'n opspraakwekkende eis vorendag gekom; hiervolgens sou Lesotho glo by die Suid-Afrikaanse regering aandring op die teruggawe van grondgebied wat dorpe soos Fouriesburg, Ficksburg, Excelsior, Clocolan, Ladybrand, Wepener en Zatron insluit. Luidens die berig het Lesotho reeds die VVO genader om regadvies in te win en 'n onpartydige uitspraak in die grondgeskil te verseker. Die eerste minister van Lesotho se onbuigsame houding ten opsigte van enige kompromis-voorstel met die RSA is ten slotte benadruk.¹⁵¹

Terwyl die Suid-Afrikaanse regering hom van enige kommentaar in hierdie verband weerhou het en slegs aangetoon het dat nog steeds op 'n antwoord van Lesotho in verband met die voorgestelde grenskommissie gewag word,¹⁵² het Afrikaanstalige koerante heftig op die grondeise gereageer. Gevra om sy siening het die bekende historikus dr. G.D. Scholtz daarop gewys dat as Lesotho "nou op grond van die verowering van die gebied meer as 100 jaar gelede op die dorpe aanspraak maak, dan kan met ewe veel reg aangevoer word dat die Engelse moet padgee uit die Britse Eilande wat hulle eue gelede verower het. Dieselfde geld ook vir die Verenigde State en Kanada."¹⁵³ *Die Oosterlig* en *Die Transvaler* van 14 Mei 1973 het dit beklemtoon dat die grenslyn tussen die Vrystaat en Basoetoland finaal en duidelik in 1869 vasgestel is en dat dr. Verwoerd soortgelyke eise reeds tevore as onsin bestempel het.

Toe sommige van hierdie Basoeto-eise gedurende 1974 herhaal word, het *Hoofstad* gewaarsku dat Jonathan betrekking tussen Suid-Afrika en Lesotho daardeur

Die Verowerde Gebied naby die samevloeiing van die Oranjerivier en Kornetspruit (die plaas Zamenstroom, onderverdeel uit Klein Tafelberg), distrik Zabron. Die gedeelte oorkant die rivier is Lesotho-grondgebied.

FOTO: N.J. DE WET, ZASTRON

vertroebel. Volgens dié koerant kan Lesotho hierdie "onwettige aansprake maar op sy maag skryf" aangesien dit ongegrond is en op geen regsgrond berus nie.¹⁵⁴ In redaksionele kommentaar op hierdie eise het *Die Volksblad* einde 1974 verwys na premier Jonathan se stelling dat Lesotho die VVO en die Wêreldhof wil vra vir die oordrag van die Verowerde Gebied aan die Basoeto. Hoewel daar volgens die koerant, geen sprake is dat die grenskwessie met Suid-Afrika heropen kan word nie, kan die VVO natuurlik eniglets besluit om Swartes ter wille te wees — selfs dat alle olifante voortaan wit en nie meer grys is nie. Maar, het die redakteur vervolg, aan die oosgrens van die Vrystaat sal dit niks verander nie. "Dit bly soos dit is solank die witman die Republiek van Suid-Afrika regeer, en hy het geen plan om hier te abdikeer nie ... dit sal vir hom (Jonathan) en sy volkje beter betaal om nie verlangend te kyk na die wuiwende veld en lande wes van die grens nie." Die Basoeto moet "uitvind waarom dit aan hierdie kant soveel mooier is as in hul eie land sodat hulle met ontwikkeling hul kant net so fraai kan maak. Minder hatigheid teenoor Suid-Afrika en minder futiele aksietjies, en meer harde werk tuis ... kan baie help om frustrasies te Demp."¹⁵⁵

Die geskil oor die Verowerde Gebied is in 1976 opnuut aangeroer deur Lesotho se minister van buitelandse sake, C.D. Molapo, tydens sy besoek aan Europa. In Bonn, Wes-Duitsland, het Molapo onder meer ook gewag gemaak van Lesotho se stryd teen rassisme en kolonialisme en pogings van die Pretoria-regime om Lesotho by die RSA in te lyf.¹⁵⁶ Dr. Hilgard Muller, Suid-Afrikaanse minister van buitelandse sake, het gedurende Mei 1976 'n besoek aan Lesotho gebring om onder meer die grenskwessie met sy amsgenoot, C.D. Molapo, te bespreek. Besonderhede oor die samesprekings is egter nie bekend gemaak nie.¹⁵⁷

149. *Die Volksblad*, 16.2.1977.

150. SA, VOLKSRAAD, *Debatte*, 14.7.1970, kolom 349.

151. *The Sunday Tribune*, 13.5.1973.

152. SA, VOLKSRAAD, *Debatte*, 11.5.1973, kolom 915.

153. *Oggendblad*, 14.5.1973.

154. *Hoofstad*, 9.7.1974.

155. *Die Volksblad*, 30.12.1974; vergelyk ook *The Friend*, 30.12.1974.

156. *Die Volksblad*, 11.3.1976.

157. SA, VOLKSRAAD, *Debatte*, 1.6.1976, kolom 1125.

Na aanleiding van die beweerde grenssluiting met Lesotho deur Transkei aan die begin van 1977 en die op hande VVO-sending na Lesotho om ondersoek na die maatskaplike en ekonomiese behoeftes van dié land in te stel, het *Die Volksblad* in 'n hoofartikel op die opportunistiese spel van premier Leabua Jonathan gewys. In die hoop dat die VVO nog 'n sending na Lesotho sal stuur wat nie die grondigheid van sy eise sal bevraagteken nie dog hom bloot sal bepaal by die wyse waarop die Vrystaat by Lesotho ingelyf kan word, het Jonathan by voorbaat aanspraak op die hele Vrystaat gemaak — grondgebied wat, in sy woorde, "deur bedrog en oorloë van onteiening" van sy volk afgeneem is.¹⁵⁸ Op sy beurt het C.D. Molapo in 'n radio-uitsending 'n beroep op Suid-Afrika gedoen om onverwyld 'n grenskommissie te benoem ten einde die vraagstuk van die betwiste gebied op te los. Hy het voorts verklaar dat die tweede verdrag van Aliwal-Noord (1869) waardeur die huidige grense van Lesotho afgebaken is, "can be challenged both legally and morally", veral in die lig daarvan dat die grense deur die Britse en Vrystaatse regerings vasgestel is sonder dat die Basoeto enige deelname of seggenskap gehad het.¹⁵⁹

In sy repliek het dr. Hilgard Muller hierdie aantygings as "absurd" en as 'n poging "to provide some musical background for the benefit of the visiting United Nations mission" bestempel. Hy het trouens daarop gewys dat Lesotho se klagte omtrent 'n gesamentlike grenskommissie uit die lug gegryp is aangesien daar sedert Oktober 1975 nog geen positiewe reaksie uit Lesotho ontvang is op die Republiek se voorstel dat so 'n kommissie in die lewe geroep moet word nie.¹⁶⁰

Opvallend in die jarelange geskil is die bereidwilheid van die Suid-Afrikaanse regering om die inisiatief te neem in verband met die benoeming van 'n grenskommissie en die traagheid van Lesotho wat daarenteen so 'n stap kortwiek. Oënskynlik is die regering van Lesotho meer gesteld daarop om die kwessie van die betwiste grensgebied uit te rek ten einde internasionale status daaraan te gee, en deur berekende propaganda wyere belangstelling daarvan uit te lok. Sodoende hoop Lesotho klaarblyklik om die vraagstuk tot 'n internasionale geskil te verhef en met hulp van buite, druk op die RSA uit te oefen om toe te gee dat daar inderdaad 'n grensprobleem is wat deur internasionale tussenkoms beredder moet word.¹⁶¹

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die Verowerde Gebied 'n belangrike faktor is waarmee politieke partye in Lesotho rekening moet hou; want alhoewel hierdie gebied in ooreenstemming met die volkereg aan Suid-Afrika (die Vrystaat) behoort, wil die Basoetovolk dit nie aanvaar nie. Aan die een kant kan politieke leiers dus nie die wense van hul kiesers negeer nie terwyl grondeise aan die ander kant Lesotho se verhouding met die RSA in groot mate beïnvloed. In so 'n dualisme is Lesotho gevvolglik vasgevang — en die dilemma wat hierdeur geskep word, bring mee dat die vraagstuk van die Verowerde Gebied steeds lewendig gehou word.¹⁶²

Met verwysing na die grondeise van Lesotho het 'n lid van die Volksraad huis in 1977 verklaar dat dié land se geografiese en ekonomiese afhanklikheid van Suid-Afrika dit nie toelaat dat sulke onvriendelike geluide uit daardie oord gehoor word nie. Hy het dit so gestel: "Met die oog op die langtermyn is dit miskien in Lesotho se eie belang goed om nie verhoudings met die Republiek te vertroebel nie, want die interafhanklikheid wat daar bestaan, kan ons nie ontken in Suider-Afrika nie. Die

beste wat ons kan doen, is om mekaar te verdra en uit te bou tot wedersydse voordeel."¹⁶³ Die mate waarin hierdie welmenende raad deur Lesotho ter harte geneem word, kan beslissend wees vir die toekoms van dié omstrede landstreek.



Om die vraagstuk van die sogenaamde Verowerde Gebied te verstaan, is kennis van die verlede en van die omstandighede waaronder dit tot stand gekom het 'n voorvereiste. Die historikus se strewe na objektiwiteit — en die wese van die werklikheid — weerhou hom daarvan om uitsprake te maak wat op gissings of vae argumente berus. Derhalwe is dit sy taak om die feite so noukeurig en volledig aan te bied dat hulle vir hulself kan spreek. Die feitelike situasie van die streek se geskiedenis dus in ag genome, laat die vraag onwilligeurig ontstaan of die benaming Verowerde Gebied nie eerder met die naam HEROWERDE GEBIED vervang behoort te word nie.

PLASE GELEË IN DIE VEROWERDE GRONDGEBIED¹⁶⁴

Die nommer wat na elke plaas verskyn, is dié wat deur die landkommissie daarvan toegeken is en wat ook in die landregisters aangeteken is. Hierdie noms is egter nie ooreenstemmend met die huidige plaasnommers nie. Daar is gepoog om plaasname so na as moontlik aan die oorspronklike te hou. Die meeste plase is met verloop van tyd onderverdeel en verskeie van die plaasname wat hieronder volg, bestaan nie meer vandag nie.

Wijk Vechtkop (116 plase)

Ingelyf by die voormalige Caledonrivierdistrik. Sluit tans die grootste gedeelte van die distrik Zabron in. Plase in hierdie wyk is geïnspekteer en opgemeeut onder toesig van G. van der Blij Aling, J.X. Merriman en C. Vos.

Aboukir 340; Aloepoort 112; Anny'sdale 174; Antwerpen 543; Bergkloof 164; Bismarck 617; Bitterfontein 170; Blenheim 70; Boomplaats 51; Brandywine 257; Bronkhorstfontein 5; Brussel 167; Bultfontein 102; Bunkershill 35; Cagliari 317; Caledon Downs 527; Champagne 165; Charlottenburg 176; Claudius 32; Clitheroe 23; Corunna 615; Cronstadt 618; Custozza 6; De Dam 166; Deepdene 297; Delft 171; Draaifontein 19; Elandskloof 497; Ernesdale 296; Florence 343; Genadberg 56; Grijskop 524; Guiness'es 318; Haarlem 108; Hanglip 163; Havelock 316; Hebron 665; Heefersdraai 116; Hendrik Smit's Stroom 115; Het Kamp 4; Hoffasdale 106; Hooglanden 55; Houtconstant 542; Inhoek 57; Kalkhoek 29; Karelse's Aanleg 114; Kissingen¹⁶⁵; Kitzingen 103; Klaarwater 624; Klein Tafelberg 134; Kliprand 495; Koesberg 137; Lagerplaats 612; Landmans Flat 68; Langwold 506; Lincelles 255; Lockeridge 298; Maghalleen 172; Maracaibo 315; Mayaput 118; Mazzini 619; Monogahela 541; Nantes 613; Oliphantsbeen 514; Oostenrijk 15; Oudenaarde 329; Papelotte 28; Penthurst 305; Plancenoit 2; Portersdale 621; Poshuli'shoek 120; Preshute 119; Quatre Bras 99; Raveloe 326; Reedsdal 8; Reinveld 169; Richmond 341; Riversdale 34; Rivierzigt 90; Roodeplaat 39; Roodewal 36; Rozendaal 135; Sadowa 33;

158. *Die Volksblad*, 7.2.1977.

159. *The Friend*, 10.2.1977; *The Rand Daily Mail*, 10.2.1977.

160. *The Rand Daily Mail*, 10.2.1977; *Die Volksblad*, 16.2.1977.

161. Kyk OOSTHUIZEN, Die grensgeskil..., *Argiefnuus* 20(9), pp.16 en 26; *The Friend*, 30.12.1974.

162. EKSTEEN, *op. cit.*, p.86; GELDENHUYSEN, *op. cit.*, pp.244—245.

163. SA, VOLKSRAAD, *Debatte*, 11.2.1977, kolomme 1270—1271.

164. *Gouvernement Courant van den Oranjevrijstaat*, 22.12.1869, no. 676 (kennisgewing nommer 201/1869); verdere inligting verkry uit die landregisters van die Verowerde Gebied (VAB, AKT 2/1/149—2/1/150). Kontrolering van plaasname en grondbrieue is ook in die kantoor van die landmeter-generaal, Bloemfontein, gedoen.

165. 'n Plaas met hierdeur naam kon nie opgespoor word nie. Moontlik is dit 'n verwarring met die plaas Kitzingen.

Schaapkraal 69; Schiedam 173; Sedgemoor 22; St. Marc 496; Solferino 508; Spitskop 628; Stellenbosch 319; Suez 58; Thaba Indoda 104; Thorbecke 74; Tilly 616; Trafalgar 342; Trautenuau 61; Tugela 344; Twellsdale 525; Van Iddekinge's Vallei 175; Vechtkop 31; Verliesfontein 556; Vincennes 72; Vogelenzang 136; Vrederegters Fontein 14; Wahnatah¹⁶⁶; Waterloo 339; Watershed 258; Whitewell 259; Wickham 256; Wijnendaal 64; Wipener 65; Wippener 620; Worst Fontein 168; Xavier 92; Zastrow 590; Zoet Fontein 24; Zondag's Fontein 7.

Wijk Wepener (71 plase)

Ingelyf by die vroeëre Caledonrivierdistrik. Sluit tans die grootste gedeelte van die distrik Wepener in. Plase in hierdie wyk is geïnspekteer en opgemeeut onder toesig van G. van der Bijl Aling en J.X. Merriman.

Alkmaar 85; Anniesdale 462; Armidale 16; Avalon 328; Bagley 60; Balmacara 235; Belmont 110; Bethel 84; Bijeenkoms 23; Bloemfontein 11; Bonhill 223; Breipaal 457; Brielle 503; Bushman'shoek 430; Butata 48; Cavallo 459; Cumnor 246; Dalendondowns 322; Daylesford 302; Dereham 236; Dorcum 504; Dorp Wepener; Drachenfels 507; Egmont 251; Elderslea 87; Escrick 528; Fariedale 26; Fettercairn 229; Finlay'shope 587; Gelukwaarts 314; Gobo Gobo 254; Gurt-n-Morra 230; Hazeldean 27; Highlands 332; Holywell 234; Homesdale 30; Hougemont 323; Krageroe 455; Littlecote 248; Longleat 82; McNaughton'sdale 233; Maidstone 44; Mokari 299; Mook 45; Mowbray 642; Naauwpoort 311; Naseby 346; Okengates 67; Olivewood Park 312; Plassey 59; Quillimane 81; Radley 303; Rocklands 111; Rokey 498; Rolandseck (of Poortje) 666; Savernake 49; Scarsdale 83; Seville 456; Sleepyhollow 105; Sweetwaters 62; Trianon 258; Umlangeni 301; Vlakkrant 300; Vlakplaats 313; Waterford 91; Weert 252; Wesselsdale 310; Wiesbaden 113; Wonderboom 321; Workshop 227; Yokohama 595; Yverdun 228.

Wijk Ladybrand (156 plase)

Ingelyf by die toenmalige distrik Bloemfontein. Sluit tans die grootste gedeelte van die distrik Ladybrand in. Plase in hierdie wyk is geïnspekteer en opgemeeut deur J. de Villiers en G.F. Stegmann.

Aanvang 652; Aardenburg 215; Alpha 60; Alstuin 451; Altona 306; Armenia 75; Athlone 647; Balaclava 670; Bankies 213; Beauhill 452; Bergplaats 62; Bethel 12; Biessiesdal 522; Bokpoort 559; Brakfontein 55; Brakleege 53; Brandsdrift 128; Caledon Draai 214; Cambridge 533; Cathcartsdrift 4; Cita'skraal 218; Claremont 373; Clearwater 450; Clifton 52; Commissiepoort 217; Constantia 372; Crimea 671; Damplaats 500; De Hoop 185; Diepgezicht 199; Dondon 380; Donkerhoek 290; Donkerpoort 364; Dorpsgrond (Ladybrand); Driehoek 650; Drie-kuil 129; Dundee 653; Dunse 367; Excelenza 192; Excelsior 37; Exeter 648; Exmoor 381; Fairhead 449; Farao'sfontein 361; Fontainebleau 188; Fort Savage 200; Fortuin 222; Frankfort 668; Gelegenfontein 365; Glen Alphen 681; Gorra'sstad 370; Grandprairie 532; Grasvalley 379; Groenkloof 667; Groenlaagte 291; Haltwhistle 378; Heldenmoed 207; Hexrivier 208; Hill-and-dale 216; Hoogfontein 198; Inhoek 52; Iniesta 537; Italie 26; Juistzoo 377; Karmel 649; Klipnek 219; Klipplaat Fontein 335; Koelenhof 538; Kopfontein 212; Kopjeskraal 94; Landskroon 683; Langerand 130; Langverwacht 132; Leeuwrviersdrift 481; Le Souvenir 54; Lowlands 293; Lowridge 529; Lufton 535; Lusthof 201; Mainland 539; Mariendale 38; Marseilles 534; Melkkraal 2; Mequatling'snek 46; Middelkraal 59; Middelspruit 76; Minafield 294; Modderpoort 190; Modderpoortspruit 191; Monte Christo 530; Mooiplaats 96; Morgenzon 348; Mount Blanc 189; Mount Lebanon 363; Newlands 203; Nofear 376; Oldenburg 98; Olijfberg 295; Olot 540; Orangespring 195; Paardenburg 202; Palmietfontein 509; Paradijs 194; Piedmont 662; Platbergsdrift 206; Pleasantview 56; Poortje 371; Rheeboekfontein 512; Rietfontein 93; Rietpoort 15; Rondeberg 47; Roodebult 483; Roodekop 126; Schrijnder'spost 369; Sherwood 292; Spitskop 49; Spitskop 131; Springhaanpoort 654; Straalfontein 513; Trafalgar 375; Tweefontein 368; Tweekop 324; Twijfelfontein 515; Uisberg 61; Uitkijk 362; Uitval 183; Uitvlugt 134; Vaalkop 127; Veelhoek 221; Veelroem 197; Verona 536; Villefort 531; Vlakplaats 436; Vogelvlei 35; Waschbank 682; Waterland 676; Welgelegen 138; Welgemoed 95; Welgestreden 205; Welgevonden 54; Whitehills 196; Wiesbaden 113; Wijnberg 308; Wilgedraai 366; Witkopje 499; Witwater 97; Wonderkop 7; Zaaiplaats 204; Zamenkomst 124; Zamenloop 374; Zandspruit 45; Zonderzorg 210; Zorgvliet 193; Zuurbult 121; Zuurfontein 663; Zwartberg 209; Zwartlaagte 220.

Wijk Corannaberg (141 plase)

Ingelyf by die destydse distrik Winburg. Sluit groot

gedeeltes van die huidige distrikte Clocolan en Excelsior, en 'n deel van die distrikte Ladybrand, Winburg en Marquard in. Hierdie plase is geïnspekteer en opgemeeut onder toesig van J.C. Fleck, G. Prince en G.F. Stegmann.

Alabama 519; Allandale 47; Alma 159; Altona 684; Arcadia 433; Balmarino 644; Baltimore 655; Barcelona 656; Barletta 643; Baviaanskop 17; Beginsel 404; Bellevue 3; Belmont 117; Belvidere 592; Bester'schrik 309; Beverley 661; Blanco 492; Bluffpoint 139; Boompje-alleen 149; Borneo 632; Bornman'sdrift 664; Bradford 86; Bresler'sflat 287; Cambuslan 399; Cariboo 678; Champagne 636; Commissioner's Flat 50; Concordia 79; Conovium 493; Conzela 405; Corannaberg 151; Danger Point 142; De Raad 428; De Villiers' Kamp 627; Die Ontmoeting 146; Dithau 427; Doctorrust 505; Early Morn 438; Eendragt 38; Eerste Kamp 635; Ebaboeha 40; Ehrenbreitstein 660; Ekulu 424; Essex 634; Evening Star 651; Excelsior 80; Farewell 439; Fariehills 591; Flora 420; Frederickstad 20; Georgia 144; Groenkloof 211; Hacco 162; Harrold 594; Hursley 640; Immortelle 423; Impuguani 593; Jagdkraal 21; Jasskraal 517; Kabaa 407; Kilmarnock 645; Kleinfontein 639; Kluitjekraal 150; Leeuwvlakte 414; Leiden 415; Losberg 467; Louisdale 419; Lucretia 285; Lyon's Rest 73; Mabolela 675; McCabe Spruit 673; Magermanshoek 51; Magetzane 304; Maketzie 154; Malpha 416; Marakabi 157; Massango 413; Melieve 155; Mequatling 674; Merriemietjie 289; Mexico 411; Milambi 406; Monastery 409; Monrepos 63; Moomeisjeshoek 41; Mooivlakte 659; Morgenrood 156; Morning Star 526; Mount Nelson 140; Mount Pleasant 141; Mount Senekal 417; Mowbray 642; Muselo 400; Mushroomvalley 516; Neuwied 658; Normandy 677; Nyenyani 143; Oatlands 101; Olney 242; Paardekraal 442; Patrijsvlucht 36; Pelham 160; Peru 403; Poespasvalley 148; Pópolis 421; Prospect 42; Rangershoek 672; Rheeboekberg 100; Rhodes 637; Rienzi 161; Rietkuil 425; Roodekop 437; Rugby 401; Sans Souci 138; Sekelo'skraal 107; Spionkop 18; Steenbokvlakte 444; Sweethome 502; Templemore 434; The Creek 408; The Grove 158; The Hermitage 441; The Mine 418; The Prairie 402; The Priory 429; The Retreat 19; Trommel 412; Tweedrag 145; Van Soelen'shoek 288; Vrolijkheid 410; Vrolijkheid 633; Warden'svalley 147; Welcome 37; Wesselsval 641; Westerford 238; Witlaagte 426; Woodstock 331; Wormwood 422; Zanoni 494; Zetland 286; Zonnebloem 153.

Wijk Ficksburg (121 plase)

Ingelyf by die destydse distrik Winburg. Sluit die grootste gedeelte van die huidige distrik Ficksburg in. Sommige plase in hierdie wyk is ook geleë in die teenswoordige distrikte Fourniesburg, Clocolan en Marquard. Plase in hierdie wyk is geïnspekteer en opgemeeut onder toesig van K.J. de Kok en G.A.G.P. van den Bosch.

Abrikooskop 267; Avondzon 271; Bamboesberg 445; Bankjes 349; Bestersvallei 394; Bethel 570; Bezuidenhoutsfontein 264; Bloemhoek 569; Bloemhof 261; Bokpoort 559; Brandvallei 392; Brandwater 395; Caledonsdrift 283; Caledonspoort 389; Capriera 353; Catjasberg 393; Coega 446; Commandonek 270; Danskraal 679; De Hoop 185; De Jagersrust 109; De Vlugt 555; Diepkloof 273; Donkerpoort 447; Dreijers-verdriet 435; Driefontein 307; Dwarsberg 266; Dwarsberg 396; Fontanie 545; Fraaiuitzigt 274; Franschhoek 277; Generalsnek 284; Generalsvallei 584; Gouverneurskop 179; 'sGravenhage 350; Groenfontein 386; Groenland 561; Grootdraai 272; Grootvallei 3; Grootverwulp 547; Het Loo 250; Hoenderkop 387; Imperani 334; Inhoek 443; Joubertsvallei 567; Julijskraal 89; Klein Thaba Bosigo 397; Kopje Alleen 187; Kopjeskraal 432; Kraanberg 385; Kranskloof 269; Kromdraai 551; Lagerplaats 268; Lagersdrift 13; Langkloof 546; Letsela'skraal 384; Letsuanastad 557; Losberg 581; Lotsplaats 177; Lust 383; Madrid 560; Meulplaats 88; Middelrif 382; Middenin 571; Modderfontein 387; Molapposigt 440; Mooihoek 181; Mooiplaats 1; Moolmanspruit 282; Morgenzon 263; Naauwpoortsnek 568; Naudeslust 554; Nootgedacht 276; Noordbraband 563; Oogiesfontein 431; Omdraai 511; Oméga 351; Paardenplaats 180; Paulficksberg 122; Pietersdal 354; Prijnn'sberg 359; Reineveld 390; Rondedraai 582; Roosfontein 261; Ruilplaats 360; Schaapplaats 558; Scheefkop 358; Schoonzigt 186; Schoonzigt 552; Schuttesdraai 355; Sekonyella'sberg 583; Sekonyella'shoed 279; Slaapkrans 553; Sloopkraal 278; Spionkop 550; Spitskop 182; Sterkfontein 123; Stroomzamenloop 275; Suikerkop 357; Tandjesberg 352; Tuinplaats 562; Uitval 183; Van Deventersnek 281; Vendutiespruit 356; Verliesfontein 556; Vierfontein 345; Villiersdrift 549; Vlakfontein 184; Vlakplaats 436; Vriesland 566; Vuurland 564; Waterval 178; Welbedacht 280; Wilgenboom 262; Witbankjesfontein 391; Witkop 260; Witkrans 398; Witwatersrand 680; Witziesoorsprong 565; Zaaihoek 548; Zevenfontein 265. ■

166. Geen plaas met hierdie naam kom in die landregisters voor nie.